

Ons Storiewa

Omnibus van GGSA Vaaldriehoek

Uitgawe 6 Jaargang 6

De Soto toer 2017

Sampie Orton

1

Louis Ströh se grafsteen

Kobie Ströh

6

Wie sou kon raai?

Wilma Jansen van Vuuren

11

Begrafnisbriefies was anders

Hendrik Steyn

16

Ouma se voorhuis

Gys Ströh

19

Herinnering aan my aardse vader

Stefan Jansen van Vuuren

25

'n Ode aan Eergister

Nico Moolman

26

Die lyk was die van Sannie, my kind

Straffen Short

27

Toeval?

Johan Naudé

31

History and quilting

Engela Spaleck

33

Suid-Wes, o Suid-Wes!

Renier Feldtmann

36

Every life deserves telling

Erna Buber-de Villiers

40

Dankie almal!

Preserving history, one photo at a time

Germaine Smith

47

Erna

2017.11.07

My naam is Van der Merwe

Cathy Potgieter

51

Geldsake en finansies

Pottie Potgieter

53



De Soto SA Roadster se George & Kaap Toer

7 tot 18 Februarie 2017

Sampie Orton

Die volgende storie oor my lewenstoer met die ou motor het ek deels geskryf sodat my gesin ook van die dinge wat gebeur het kan beleef.

Ons sal eers so 31 jaar terug moet gaan na die tyd toe Dirk du Plooy en ek aan die TOTAL Wêreld F.I.V.A. Tydren deelgeneem het. Fritz Reitz, ook 'n deelnemer en afkomstig uit George, het ons tóé al uitgenooi om aan die Milligan Tydren in die Wes- en Oos-Kaap te kom deelneem. In 2011 het ons familie uiteindelik afgesit George toe, waar dié tydren daardie jaar aangebied is. Die ou motor is met 'n abbasleepwa soontoe vervoer. Dit was tydens dié geleentheid wat ek begin droom het om die 1931 De Soto, op eie stoom, soontoe te ry.

Ons lewe nie vir altyd hier nie, en 'n plan moes aanmekaargesit word. George hou hulle jaarlikse motorskou die tweede naweek van elke Februarie. Ek wou teen 10 Februarie daar wees om die kar darem 'n dag voor die skou 'n bietjie te kan skoonmaak. Ek het nie regtig geweet hoe lank die rit sou duur nie, en het gereken om op die láátste die oggend van die 7de weg te spring.

Toe die De Soto en ek wegtrek het die benoudheid hier so in die agterkop draaie gemaak. Om so ver te ry met 'n motor wat 86 jaar oud is het my nie juis rustig laat voel nie! 'n Mens kan nêrens parte koop nie, en daar is nie kundiges langs die pad wat my sou kon help as 'n probleem opduik nie. Maar mettertyd, soos wat die motor die kilometers stadig maar seker opvreet, het die gevoel vervaag en kon ek die ryery ten volle geniet.

Om al die ander motoriste so min as moontlik te verontrief, hou mens maar sover links as wat jy kan. Dit beteken dat jy gereeld links oor die geel streep moet ry. Nou, om 'n motor of bakkie te laat verbykom is redelik maklik, maar as dit kom by die groter vragmotors, en as dit nog reën ook, word dit 'n nagmerrie. En die kersie op die koek is dat as die trok mooi langs jou is, lê die drywer behoorlik op sy toeter, asof hy jou verder van die pad wil afblaas! Hoekom moet 'n vragmotor se toeter soveel harder wees as 'n gewone motor s'n?

Anderkant Bloemfontein het dit begin reën, en dit het aanhou reën tot op Colesberg, waar ek die eerste nag oorgeslaap het. Daardie nag was die weer baie swaar op die omliggende klipkoppies. Die volgende oggend het ek wakker geword in 'n sprokieswêreld. Alles is papnat en die plat Karoo staan vol damme water langs die pad. Jy sien skape wat nie omgee vir die nattigheid nie en dwarsdeur die water loop. 'n Wilde-eend probeer haar kleintjies leer swem hier reg langs die pad. Ek wonder of die klein eendjies al soveel water op 'n slag gesien het. Daar's 'n skilpad wat oor die pad haas en dan die walle anderkant probeer opkom. Teen die De Soto se spoed sien jy baie dinge wat jy nie teen 120 km per uur sien nie.

Ek besluit om nog 'n bietjie stadiger te ry en draai van die grootpad by Hanover en Richmond af, om 'n bietjie meer van die dorpe te siene te kry. Die pragtige ou kerke, huise en winkels laat die kar sommer tuis voel. Die reaksie van die mense is baie onvoorspelbaar. Ek hoor baie sterk beskrywende woorde (wat ek nie hier sal noem nie) waarmee hulle hul opinie oor die mooie kar lug.

Die tweede aand slaap ek in Beaufort Wes by Grace Place gastehuis oor, en ontmoet 'n pragtige gesin met groot waardering vir oudhede, so in my kraal. Die omgewing is baie droog en mens wonder of daardie bossies ooit weer groen kan word. Anderkant die dorp draai mens links af. Daar kan jy al doer in die verte die skynsel van die Swartberge sien. Meiringspoort sal die prag daarvan mettertyd onthul. Met die kar se afslaankap lekker oop kan jy hierdie omgewing met verwondering gadeslaan. Dis wonderlik om die krag te ervaar wat dié ou motor het. Dalk nie vinnig nie, maar verbasend kragtig. Sonder enige ratverwisselings draf hy die bergpasse kaf. By een van die afdraaiplekke kom ek agter die kar se regter agterflikkerlig het gebreek en die lens is weg.

Hiervandaan deur De Rust en Oudtshoorn, af met die Outeniqua-pas na George en Groot-Brakrivier, waar ek by Cornie en Corrie Pieters (oud Heilbronners) huisgaan. Die volgende dag het die Pieterses my soos gewoonlik getrakteer met 'n besigingstoer deur van die mooiste bergpaaie in die Groot-Brakrivier en Mosselbaai omgewing. Na 'n ietsie te ete by Eight Bells aan die voet van die Robinson-pas is ons huistoe om die ou kar bietjie skoon te

maak, waterpompseël op te stel en die stukkende flikkerlig reg te maak. Digby die eetplek het ons mense gekry wat aan 'n 1958 Chevrolet bakkie werk. Die Chev het oorverhit. Hulle is ook op pad na George se motorskou toe. Hulle moes aan hom werk op só 'n plek dat die Ford-manne hulle nie sou sien nie.

Saterdag die 11de het aangebreek en ons vertrek so seweур George-toe vir die groot byeenkoms. Dit was die 21ste verjaardag van die motorskou, en 'n besonderse geleentheid. Ons was nog op pad ingangshek toe, toe Julian en Riekie Bruyns van Heilbron ons daar in die straat groet. Hulle het gekom met hulle besonderse rooi Mercedes Benz CLK 350. Terwyl ek al die ou karre besigtig, loop ek verskeie bekendes raak. Onder andere het Marius Kruger en ek saam pannekoek en koffie geniet.

Wat 'n wonderlike kans om soveel oorspronklik gerestoureerde motors bymekaar te sien! Daar was meer as 'n duisend motors om te besigtig. Mercedes Benz het onder ander 'n 1886 Benz motor uitgestal wat beskou word as die eerste motor wat in die wêreld gemaak is. Die enigste oorspronklike een is in Mercedes Benz se museum in Duitsland en hierdie een is 'n replika. Dis spesiaal vir die motorskou Suid Afrika toe gebring.



Teen vyfuur is ek terug Groot-Brakrivier toe vir 'n draai oor die smal brug na die eiland, en toe 'n smaaklike ete op die dek by Cornie-hulle. Daarna TV gekyk om 'n belangrike optrede van die land se politikuste met die president se staatsrede te aanskou. Sondagoggend is ek, na 'n stewige ontbyt, weg na Kruisrivier, tussen Calitzdorp en Oudtshoorn. Ek wou verder werk aan die versameling van inligting oor die Orton familie wat in die 1850's daar gevestig het. By Groenfontein het ek die voorreg gehad om vir Phillip en Marie Nel, hul dogter Marli en haar man Hendrik en kinders te ontmoet en saam koffie te drink.

Na 'n goeie nagrus by Anna en Sophia Gastehuis in Calitzdorp het ek die pad gevat na Ladismith om die Seweweekspoort-pas te gaan ry. Dit is 'n grondpad maar met die mooiste rotsformasies, plantegroei en waterstroompies wat jy jou kan indink. Beslis die moeite werd.

Vanaf Ladismith het ek naby Riversdale lekker olywe gekoop by die Muiskraal-padstal. So 5km verder het die De Soto se afstandmeter oorgeslaan na 100,000 myl – dis omtrent 160,000 km. Die dag se rit is by 'n bandeversooleplek in Stilbaai afgesluit met 'n karwas asook 'n olievlektoets van die ratkas en ewenaar. Die mense was besonder behulpsaam. Ek het hul kommentaar oor die eienskapverskille tussen nuwe en ou motors baie waardeer.

Op Stilbaai het ek tuisgegaan by my neef Henry Blignaut, sy vrou Yvonne en hul seun Henry-John. Ook kon ek vir Kitty Thiaart (née Adendorff) na baie jare weer ontmoet. Sy was ons buurdogter in Ermelo.

Die volgende dag is ek op pad na Caledon, maar eers moes die ou kar 'n draai gaan maak by Malgas, waar daar nog 'n pont is wat die motors oor die Breederivier vervoer. Ek dink dit was die toppunt van die toer. Hier staan ek met die motor van my hart op 'n klomp planke en iemand trek my met 'n kabel na die anderkant! Wat as die kabel breek of die ding sink? Die manne het my probeer gerusstel deur te sê dat daar hierdie keer net twee voertuie op die pont is, en die pont kan maklik drie op 'n slag vervoer.



Veilig af op droë grond stop ek teen 'n skuinste en trek die handrem op. En dáár sit hy só vas dat ek onder die kar moes inkruip om dit te probeer losmaak. Nie sommer nie. Eerste- en trurat moes van daar af instaan om die kar vas te hou. Partykeer sommer 'n groot klip. Die pad Malgas om het beteken dat ek so 100 km grondpad moes ry, deels oor die plaas van P.J. Streicher. Hy is 'n voorbeeld van die behulpsaamheid van daardie boere.

Na 'n draai by Struisbaai en Kaap Agulhas kan ek sê die De Soto was al op die noorde- en suidelikste uithoek van die land gewees! Daar eet ek een van die grootste en lekkerste kaasburgers by 'n plek met die naam Zuidste Kaap Restaurant.

Hiervandaan oor Bredasdorp en Napier na Caledon, waar ek oorslaap in die Oppistoepie Gastehuis. Dit is 'n baie ou gebou, en ek dink die mense was besig met herbou en verbou. Dit was altans so 'n bietjie *scary* toe 'n koel wind onder die bed uitwaai, maar daar's geen gate wat ek kon sien nie. Dalk spook dit?

Die volgendeoggend vat ek die pad na Hermanus waar die kar 'n ordentlike was kry. Ons altwee (die kar en ek) voel baie beter. Ons besoek Kleinmond, Bettysbaai, Rooiels en Gordonsbaai. By die Strand gooi ons brandstof in. Hier sien ek die eerste keer weer 'n groot geel M en smul te lekker aan 'n BIG Mac. Die aand slaap ek oor by my neef Hendrik, sy vrou Mot en hul kinders Annamien en Thys. Ons het mekaar 'n paar jaar laas gesien en kon lekker kuier oor wat alles was en is.



Met 'n pragtige pad ry ek die volgendeoggend na Johan Rupert se Franschoek Motor Museum, tussen Franschoek en die Paarl. Ek was al voorheen by die museum. Die hoogtepunt van die dag was toe twee van die enigste vier De Soto's in Suid Afrika langs mekaar staan. Die ontvangs en die personeel se ordelike uitvoering van hul pligte by die Museum was indrukwekkend. Nadat ek deur die versameling gestap het, het ek by ontvangs gerapporteer. Ek het vooraf met Karin Ras en die kurator van die museum gereël vir die twee motors se ontmoeting. Die telefoon is dadelik opgetel en die museum se De Soto is gebring en langs myne geparkeer. Wat 'n geleenthed om die twee so langs mekaar te sien! 'n Mens kon sommer agterkom die twee ou motors is bly om mekaar te ontmoet. De Soto's is skaars in die land, en ek wonder of so iets al ooit voorheen gebeur het. Baie dankie, FMM, vir die herontmoeting.

Nou ja, met die belangrikste mikpunte afgehandel lê die terugtog voor. Deur die Hugenotetunnel, brandstof ingegooi op Worcester, en ons is goed op dreef. Die Heksriviervallei is pragtig met soveel skakerings groen wingerde. Die pas naby Touwsrivier bring 'n probleem. Die kar steek kop tussen die bene en die enjin vrek. Wat's fout? Ek toets vir vuur en petrol soos dit daardie jare die gewoonte was. Vind nikks verkeerd nie. Ek onthou toe die les wat my ma se broer, Oom Hendrik Blignaut, my geleer het. Dis so warm dat die petrolpomp net nie vloeistof kan pomp nie. Ek het toe 'n lap ('n handige onderbroek) om die pomp gedraai, vasgemaak en natgegooi. Die enjinkap wat van die kante af oopmaak het ek oop gelos en dit was die laaste van die gesukkel. Die hitte in die Karoo was so erg dat ek myself moes natgooi sodat die wind my 'n bietjie kan afkoel. Op Matjiesfontein verlusting ek my aan die oudhede en ry verder tot op Laingsburg waar ek oornag.

Vroeg die volgende dag vertrek ek. My plan is om Gariepdam te bereik. Dis weer geweldig warm in die Karoo en ek word die eerste keer op die toer agter die wiel vaak. Ek moes my toe maar nog natter spat, stop en draaie loop. Oral waar ek stop, stop ander mense om na die kar te kyk en foto's te neem. In die omgewing van Hanover kry ek 'n plaasdam wat seker vir dertig meter breed oor sy wal loop. Daar swem kinders by twee plekke in die rooi modderwater van die afgelope tyd se reën. Daar lê 'n 1952 Vauxhall Vellox, skynbaar 'n ornament. Ek dink, die goed is so skaars, maak hom reg!! By Gariep kry ek gelukkig die laaste beskikbare wooneenheid en slaap soos 'n klip. Om halfses die volgendeoggend spring die De Soto en ek weer in die pad.

Naby Trompsburg keer drie vrouens op pad Bloemfontein toe my voor om foto's van die kar te neem. Hul spontaniteit is aansteeklik en duidelik was hulle nie so haastig soos ek nie. Voel goed dat ander mense ook plesier uit die ou karre kan put.

Bloemfontein lyk goed. Ek probeer om by Cobus Hammann 'n draai te maak maar kry nie Bainsvlei nie. Daar lê nog ses ure se ry voor huistoe, dus vat ek die pad. By Ventersburg neem ek die laaste keer brandstof in. Ek kom agter ek moet kort-kort die petrol los want ek ry vinniger as wat ek met dié motor moet ry. Ons wil albei nou by die huis kom.

By Donsveertjie, 'n gasteplaas naby Heilbron, sien ek 'n rooi Mercedes met 'n spoed van agter aankom en besef dit kan net Julyan en Riekie Bruyns wees.

By die huis sit Ma al in die motorhuis met die hek se knoppie in haar hand. Die bord kos wat sy voorsit sal ek onder normale omstandighede drie maal aan kon geëet het, maar ek het hom leeggemaak.

Nou wát sê 'n mens ná die tyd?

Baie dankie vir al die genade en liefde wat ons so mildelik van Bo ontvang. Vir familie en vriende wat jou met ope arms ontvang en jou tyd by hulle so aangenaam maak. Dankie vir kinders wat tjop-tjop 'n paar gastehuise se besonderhede deurgee. Vir 'n vrou wat bekommerd is en vra: Waar trek jy nou? Vir die vir Ortons se WhatsApp-groep wat jou gedurig op hoogte en aan die gang hou. Vir die ou De Soto wat sedert 11 Nov 1982 al so baie plesier in my (en ons) lewe gebring het. Dankie vir daai dreuning van jou ou enjin wat se: 'Moenie worry nie, ek is alright.'

Dit was goed, *baie* goed!

Statistiek

Afstand afgelê: 3454 km

Vol dae gery: 10

Gemiddelde afstand per dag: 345 km

Gemiddelde spoed: 57 km per uur

Brandstof ingegooi: 21 keer

Brandstof verbruik: 14.2l/100 km of 7 km/l of (16.98 myl/gallon, vir die wat dit nog ken)

Louis Ströh se graf

Kobie Ströh



Wat is die storie agter 'n grafsteen? Dis die moeite werd om na te vors. Alhoewel dinge altyd verander, klink dit hier asof hulle ook maar dieselfde bly. Die lezers moet maar self hul eie gevolgtrekkings maak.



In Rustenburg begraafplaas het ons hierdie besonderse grafsteen opgespoor. Daar bestaan min grafstene wat die oorsaak van dood aandui asook die naam van die moordenaar. Selfs die feit van die man se ongelukkige huwelik is opgeteken. Die bitterheid van die familie is duidelik.

Inskripsie: 'Hier rus ons teerbeminde broer Louis Gustavus Ströh, geb. 16.2.1884, gedood 26.12.1934. Die laaste ses jaar van sy huwelik was diep ongelukkig. Op 'n tragiese wyse is hy deur Frik Eloff geskiet. Die Heer sal opstaan tot die stryd, Hy sal Sy haters ver en wyd laat wegsmelt voor Sy oë. Opgerig deur sy broer H. Ströh en susters Susanna, Anna, Martha, Maria, en Henrietta se kinders'

Paul Kruger ►

Terzide: In 1934 verschenen er krantenberichten over een kleinzoon van Paul Kruger die iemand zou hebben gedood.

Dit keer was het wel waar. Frederik Christoffel Eloff, de zoon van een dochter van 'Oom Paul', schoot in december 1934 zijn schoonzoon Louis Gustavus Stroh dood.



Louis Gustavus Ströh se storie

Sy vaderlike stamboom:

- a Johan David Ströh, stamvader en Louis Gustavus se oupa grootjie
- b8 Hendrik Stephanus Ströh – sy oupa
- c7 Erhardt Ströh †ca1921 x Susanna Sophia TRICHARDT †1927, woon op Driefontein, Rustenburg – sy ouers
- d5 Louis Gustavus Ströh (Hy is dus b8c7d5)

Sy broers en susters:

2 ouer BRINK halfbroers	2 STRÖH broers	5 STRÖH Susters
(uit moeder se eerste huwelik met Johannes Giliam †c.1870) Johannes Giliam Petrus Frederik	Erhard Hendrik Stefanus	Susanna Sophia x Johannes ELOFF Anna Maria wed. AP SWANEPOEL Henrietta †Aug 1933 x WJ (Johannes Michiel) ERASMUS ERASMUS kinders: a)Carel Gustavus (mondig) b)Erhard (mondig) c)Johanna Wilhelmina x Willem BURGERS (? in potlood ingeskryf) d)Louis Gustavus (onmondig) e)Michel Johannes (Johannes Michiel) (onmondig) Martha Dorothea x Philip J. ERASMUS Maria Louisa x Jan (Johan) Adam ENSLIN

Louis Gustavus Ströh is op 16 Februarie 1884 te Rustenburg gebore. Hy het op die plaas Driefontein in die Rustenburg distrik grootgeword. Die plaas waar hy later self geboer het was in dieselfde distrik, en is genaamd Vrischgewaagd (of Frischgewaagd of Vrisgewaagd). Hy het getrou met Anna Johanna Aletta ELOFF (1900-1965), bekend as Annie, en hulle was kinderloos. Sy was sestien jaar jonger as haar man. Sy het 'n verhouding aangegaan met Burgert Adriaan KLOPPERS (Burny), en die verhouding het aanleiding gegee tot die skietoorval op Woensdag 26 Desember 1934 waarin Louis Gustavus Ströh gedood is. Hy was 50 jaar en 10 maande oud, en daar hy geen testament gemaak het nie, en binne gemeenskap van goedere getroud was, was Annie sy enigste erfgenaam.



► Op die bygaande sterfkennis word sy boedel op meer as £300 wêreld aangeteken – 'n heel aardige bedrag vir die 35-jarige weduwe om te erf.

Boedel:

TAB

MHG

87220

1934

Haar pa, Frederik Christoffel ELOFF (bekend as Frik) was die man wat die sneller getrek het, en sy skoonseun se dood veroorsaak het.

Frik was Paul Kruger se kleinseun en het by hom aan huis gewoon vandat hy 8 jaar oud was. Sy ma, Anna Johanna Maria Aletta KRUGER, was Oom Paul en sy vrou Tant Gezina se dogter (+1937). Sy het met 'n vername man getrou: die privaatsekretaris van die Volksraad. Daar was gerugte van sy betrokkenheid by verskeie slinters in die destydse Transvaalse Republiek. Hy was (soos sy seun, Annie se pa) ook Frederik Christoffel ELOFF(1850-1934), en bekend as Frikkie.

Anna en Frikkie se seun Frik Eloff was nie net Paul Kruger se kleinseun nie, maar ook sy hulp-privaatsekretaris. Hy was getroud met Magdalena Elisabeth GÜTTMAN (13.7.1881-1967). Sy was die dogter van 'n Jood, Adolf Güttman en 'n nooi JOUBERT. Toe Paul Kruger veiligheidsonthalwe gedurende die Boereoorlog Switzerland toe is, is Frik en sy vrou en kinders saam. Hulle het 'n hoë lewe daar geleef, nes die Europese hoëlui. Na Oom Paul se afsterwe het hulle 'n uitgebreide toer deur Europa onderneem. Gerugte van hul spandabelrigheid met staatsgeld het geloop. Frik-hulle se drie kinders het seker swaar afstand gedoen van die soort lewe waaraan hulle gewoond geraak het. Die oudste was 'n seun Gerhardus (*c.1897), toe die dogter, Annie (Louis Gustavus Ströh se jong vrou) en die jongste, Magdalena, het getroud met 'n DU PLESSIS.

DEPOT	TAB
SOURCE	TPD
TYPE	LEER
SYSTEM	01
REFERENCE	180/35
PART	1
DESCRIPTION	CRIMINAL CASE. THE STATE VERSUS FC ELOFF.
STARTING	19350000
ENDING	19350000

Wat het die dag na Kersfees 1934 gebeur toe Frik Eloff sy skoonseun Louis Ströh doodgeskiet het? Hoekom het dit gebeur?

Hieronder volg 'n kort opsomming van die moordsaak waarin Frik onskuldig bevind is.

Aanloop tot skietoorval:

1. Louis verdink sy vrou van 'n verhouding met **Burgert Adriaan Kloppers**. Hy laat sy vrou dophou deur swart werkers. Dit veroorsaak groot ongelukkigheid by haar en haar pa Frik Eloff.
2. Louis maak by die polisie 'n saak teen Burny Kloppers, so ongeveer 4-6 maande voor die skietoorval.
3. Sy vrou verlaat hom per geleentheid, maar keer tog elke keer terug. Volgens een van die getuies was Louis Ströh 'n baie jaloerse man.
4. Annie se pa Frik besoek Annie en Louis om te probeer vrede maak tussen hulle. Hy het 'n swart werker saamgeneem as getuie, en dit het weer groot ongelukkigheid veroorsaak. Frik beskuldig Louis daarvan dat hy Annie geslaan het. Volgens Louis het Frik Eloff beloewe dat hy Kloppers nie weer by hulle sal laat kuier nie.

5. Louis Gustavus ERASMUS, seun van haar man se suster Henrietta, het toe reeds 8 maande op Vrisgewaagd gewoon en vir Louis gewerk. Volgens Annie is die jong man daarvoor verantwoordelik dat elke steen van haar huwelik afgebreek is.
6. Kersdag is Frik Eloff tuis by sy dogter Magdalena en haar man Hennie DU PLESSIS. Sy goedjies is reeds gepak om die volgende dag te vertrek na die sogenaamde Diggings.
7. LG ERASMUS se broer JM ERASMUS kuier vanaf 23.12.1934 by Louis en Annie op Vrisgewaagd. Op Kersdag laai hulle Annie en twee seuns, Mike (Johannes Magiel Erasmus – 12 jaar) en Dicky Enslin (8 jaar; woon by Louis en Annie en spreek hulle as Pa en Ma aan) af by Frik Eloff en Hennie Du Plessis vir 'n familiepiekniek langs die Elandsrivier. JM Erasmus vertrek met Louis na Pilanesberg om vir Louis se broer te gaan kuier.
8. Ondertussen kom kuier **Burgerd Adriaan Kloppers** en sy suster ook by Frik Eloff by die du Plessis se huis.
9. In Pilanesberg vind Louis sy broer nie tuis nie, en hy keer terug. Hy gaan laai sy vrou by die du Plessis op en merk op dat Kloppers ook daar is. Hulle keer terug huis toe.

Die dag van die voorval:

10. Vroeg Woensdagoggend 26 Des vertrek Louis na sy skoonsuster se huis en konfronteer sy skoonpa Frik Eloff oor Kloppers se teenwoordigheid die vorige dag. 'n Woordewisseling voor getuies ontstaan en Louis beskuldig sy skoonpa dat hy onenigheid veroorsaak tussen hom en sy vrou, haar opsteek teen hom, ontmoetings reël tussen sy dogter en Kloppers, en dan saam met Kloppers drink, terwyl hy belowe het om Kloppers se teenwoordigheid te verbied. Louis verbied sy skoonpa om op Vrisgewaagd te kom en dreig hom en sy swaer du Plessis dat hy hulle sal klap soos hy die polisie laat klap het aan Burny Kloppers. Hy beskuldig beide dat hulle Bankrotiers is wat nie vir hulle vrouens kan sorg nie en 'n Goewermentsplaas met 'n slenter verkry het. Louis en JM Erasmus is reeds 9 uur weer terug op Vrisgewaagd.
11. Na middagte gaan rus die volwassenes op Vrisgewaagd, manne in die rondawel, Annie in die huis in die koel badkamer. Louis se maag is ongesteld.
12. Frik Eloff daag by Vrisgewaagd in 'n kar op, rewolwer in hand. Tuis het hy net gesê hy gaan met Annie praat.
13. Nou volg daar twee verskillende stories:
 - Volgens Frik Eloff het Louis dreigend met wapen in hand gevra wat soek hy op sy werf. Frik het hom skrikgemaak met twee skote, waarna Louis sy wapen weggegooi en gevlug het. Frik het nog twee skote laag agterna geskiet. Hy het nie gedink hy het hom raakgeskiet nie. Hy het die huis binnegegaan, met Annie gepraat en toe die voorval by die polisie in Rustenburg gaan aanmeld.
 - Volgens ander ooggetuies (JM Erasmus, Louis Erasmus, kinders Mike en Dicky en swart werkers wat teenwoordig was), was Louis nie gewapen nie. Hy het uitgegaan om te kyk wie met die kar aangekom het, sy skoonpa met rewolwer in hand gesien en uitgeroep 'Wag, wag, dat ek myne ook gaan haal!' Daarop het sy skoonpa twee skote geskiet. Louis het gevlug en nog twee skote is agterna geskiet. Almal het toe gevlug. Frik is daarna die huis in, en het toe weer vertrek. Hulle het Louis gaan soek en sy lyk gekry. Hy is van agter geskiet, die koeël is agter in sy boud in en voor laer as die heup weer uit. Volgens staatspatoloog was dit 'n direkte skoot.


Die uitslag:

14. Frik Eloff word onskuldig bevind aan moord, want daar word gevind dat dit nie sy intensie was om Louis Ströh te vermoor nie.
15. Hy word skuldig bevind aan strafbare manslag en word 5 jaar IHL gevonnis (Imprisonment and Hard Labour).


Hier's 'n plekkie vir nog 'n *terzijde*. Ek (Erna) wil deel wat Kobie oor haar storie te sê gehad het:

'Kan jy glo dat 'n graf mens so kan prikkel? Jare geneem om inligting bymekaar te kry. Lyk vir my al te veel na korruksie. Hoe skiet jy iemand wat weghardloop per ongeluk in die rug? Seker oor jy Paul Kruger se kleinseun is? Nadat ek inligting stuk vir stuk bymekaar gekry het, bel 'n vrou my, Ilna Ströh. Nog nooit gehoor van haar nie. Sy en 'n familielid, André van der Walt, is saam in 'n studiegroep vir hul doktersgrade. Hulle gesels, en hy noem dat hy iemand ken met dieselfde van as hare. Sy bel my om te hoor of ons dalk familie is. Ons ruil inligting en ek meld die interessante graf. Sy het sowaar paar jaar gelede die onderhoud gevoer met haar oudste familielid en hy het vir haar vertel van die Louis se moord en die onreg. Dáár het sy die hele storie wat ek jare mee gesukkel het! Wys jou net.'

Ja, wys jou net. Toeval? Ek dink daar's 'n spesiale genealogie-engel.



Voorbeeld van bladsye uit hofsaak



Hieronder is notas geneem deur Ilia Ströh in gesprek met Eddie Ströh op 27 Desember 2007:

Eddie Ströh (2 Des 1922 – 25 Jul 2009) was die seun van Hendrik Stephanus Marthinus (Hennie 1885 – 1967) en die peetkind van Hennie se broer Louis STRÖH.

Na skool het Oom Louis nie grond gehad om op te boer nie. Oupa Hennie het die plaas geërf by sy pa. Louis het by 'n Jood in sy winkel gaan werk in Phokeng (Magatostat) waar die rugbystadion nou is (net voor Rustenburg). Die winkel het veral mynwerkers by die platinummyn bedien. Hulle het klere, ensovoorts, aangehou. Later het Louis 'n venoot geword. Uiteindelik het Louis die winkel besit, maar dit toe later verkoop en die twee plase gekoop en die huis gebou.

Louis was die familie se geliefde broer. Hy het 'n mooi geaardheid gehad en hulle was trots dat hy so ver gekom het. Hy was veral Hennie se lieflingsbroer en Louis en Hennie was die kinders wat mekaar die meeste gesien het. Hy was 'n gerespekteerde man en het ondermeer as 'n jurielid opgetree.

Louis het gebly op Vrischgewaagd (vandat Oom Eddie kan onthou was hy op Vrischgewaagd), sowat 5 myl van Boshoek. Dit was 'n pragtige plaas. Die plaas was in kampe verdeel, met behandelde pale wat ongewoon was in daardie jare. Daar was ook 'n dip op die plaas. Min boere het dit gehad. Daar was verder ook 'n huis en twee rondawels, 'n pragtige huis met 'n stoep drie-kwart om. Die teëls op die stoep is van Italië ingevoer. Hy was byvoorbeeld die eerste boer wat 'n elektriese opwekker gehad het wat die krag in selle gestoor het en die bedrading het die krag dan van die selle deur die huis geleei.

Hy het ook 'n ander Bosveldplaas gehad (ek skat so 2000 morge) met 'n taamlike beesstapel. Hy het die plaas kontant gekoop. Dit in was daardie tyd nie duur grond nie.

Hy was getroud met Anna Eloff. Sy kon nie kinders hê nie. Dit was 'n diep ongelukkige huwelik. Sy het (materiëel gesproke) alles gehad wat sy wou hê en Louis was saggeaard (sou haar nooit sleg behandel of leed aandoen nie). As mens was sy redelik 'aloof' as ander (Louis se familie) daar kom kuier.

Louis het gereeld na sy Bosveldplaas gegaan en dan het Burt Kloppers by Anna kom kuier. Dit het in die latere hofsaak ter sprake gekom (daar is bv verwys na lekkergoedpapiertjies wat in die rantjies gekry is). Louis (en klaarblyklik heelwat ander mense) het geweet van haar verhouding met Kloppers. Louis se familie (broer Hennie) wou hê hulle moet skei maar Louis wou nie en het gesê om te skei sal 'n klad op sy naam wees.

Kersfees 1934 het die familie, insluitende Louis en Annie, by haar suster (getroud met 'n Du Plessis wat sowat 5 myl van Vrischgewaagd langs die rivier gebly het) bymekaargekom. Annie se pa, Frik Eloff, was ook daar. Die idee was dat hulle Louis en Anna se situasie moet uitpraat.

Op Boxing day (die dag na Kersfees) was hulle terug op Vrischgewaagd. Die middag het Anna gerus in die huis. Die twee Erasmus broers Louis en Karel (Louis se sisterskinders, die een was reeds getroud, die ander een jonger) het saam met Oom Louis in die rondawel gerus. Hulle was klaarblyklik daar omdat hulle verwag het daar gaan groot moeilikheid kom - die vete met Eloff gaan al jare aan. Die Erasmus broers se jongste broer Mike (so oud soos Oom Eddie) was ook op die plaas en het met Dick Enslin gespeel, 'n ent van die opstal af.

Ongeveer drie uur die middag kom Frik Eloff met sy kar daar aan en hou stil by die hekkie. Volgens Frik se getuenis in die latere hofsaak het hy die vyf myl gery om te kom vrede maak (hoewel hy sy rewolwer saamgebring het). Hy het uitgeklim en gestap na die hekkie. Louis Ströh kom toe uit die rondawel. Eloff beweer dat toe hy uit die kar klim Ströh alreeds by die hekkie met sy rewolwer was. Eloff skiet twee skote om Ströh skrik te maak. Ströh gooi sy rewolwer weg (Eloff beweer een van die Erasmus seuns het Ströh se rewolwer opgetel nadat hy dit neergegooi het) en hardloop in die teenoorgestelde rigting na 'n ander hekkie by die dam. Nadat Ströh sy rewolwer weggegooi het skiet Frik nog drie skote om Louis verder skrik te maak. Een van Frik se skote (klaarblyklik die derde skoot, van agter) het Louis in die heup getref en sy slagaar afgeskiet. Nadat hy getref is het Louis nog sowat dertig tree in die veld ingehardloop en doodgebloei - niemand het hom gaan help nie.

Die Erasmusse het intussen die lande ingevlug. Frik Eloff roep hulle, maar hulle kom nie uit nie. Gedurende die hofsaak het een van die Erasmusse getuig dat Louis nie sy rewolwer by hom gehad het nie, maar dat dit in Louis se bakkie was (binnekant van sy deur) en dat hy (Erasmus) gehardloop het om dit te gaan haal. Die Erasmusse se getuenis is in die hof uitgegooi nadat die een getuig het hy het rook gesien en die ander een het getuig dat hy nie die rook gesien het nie.

Tydens die gebeure kyk Annie Eloff deur die venster. Na die skietery loop Frik Eloff na die huis toe, en hy en Annie kom weer uit op die stoep. Frik en sy dogter klim in sy kar en ry weg. Hy gaan gee homself oor aan die polisie en lê 'n verklaring af.

Ongeveer 5 uur bel die polisie (van Boshoeck?) na die Pilanesberg polisiestasie en hulle stuur 'n konstabel uit na Driefontein (ongeveer 6 myl daarvandaan). Ma (Vossie) was in die perskeboord. Pa (Hennie) was elders op die plaas besig en die kinders (Eddie, Nossie en Boet) het buite gespeel. Die polisie gee die boodskap vir Ma. Sy stap na Hennie en sê sy het slegte nuus: jou broer is doodgeskiet deur Eloff. Hennie het nie 'n woord gesê nie. Hy het gesê die kinders moet terugkom. Hy het sy geweer gevat en hulle het gery. Hulle het eers die twee jonger kinders by hulle ouma Conradie (by Boshoeck) gaan aflaai. Daarna is hulle na Vrischgewaagd - Oom Eddie is saam.

Oupa Hennie het sterk gepraat by die begrafnis: "My broer is soos 'n hond doodgeskiet. Daar is 'n komplot teen hom gesmee soos teen Piet Retief". Die dominee probeer hom kalmeer. Hy is begrawe in die Rustenburg begraafplaas. Baie Ströhs is daar (naby mekaar) in Rustenburg begrawe. Op sy grafsteen wou Hennie laat skryf: "Die laaste 6 jaar was hy diep ongelukkig en is op 26ste Desember 1934 deur Frik Eloff vermoor." Die dominee het hom oortuig om vermoor te verander na geskiet. Dit verskyn so op sy grafsteen.

Tydens die hofsaak moes die staatsaanklaer, ene Welsh, Oom Louis se saak hanteer. Hy was onervare en 'n rou Engelsman terwyl die hofverrigtinge in Afrikaans was. Malan, Eloff se advokaat, was knap. Ironies genoeg is Malan uiteindelik betaal met Oom Louis se geld. Frik Eloff het nie geld gehad nie. Die saak het omtrent 'n week geduur. Oupa en Ouma (Hennie en Vossie) het die hofsaak in Pretoria bygewoon. Hulle het in 'n hotel gebly – kinders by vriende gelaat op Rustenburg. Klopper was nie in die beskuldigdebanks nie. Eloff kry vyf jaar vir manslag. Die bevinding was dat hy uit selfverdediging geskiet het. Hy het ook twee van die vyf jaar afgekry omdat hy 'n kleinseun van Paul Kruger was. Frik Eloff was ook 'n Vrymesselaar (en die regter/magistraat ook).

Die Ströh-familie het geglo dis 'n beplande moord – 'n komplot. Ook dat Annie sy testament vernietig het. Dis ondenkbaar dat so 'n man, wat finansiël welaf was, nie 'n testament gehad het nie. Toe hulle getroud is het Annie net met 'n tas gekom. Sy het geen troussaeu gehad nie. Aangesien hy intestaat (sonder testament) gesterf het, het die meeste van sy bates na Anna (as sy vrou) gegaan.

Anna is ses maande na die saak met Klopper getroud. Sy het die Bosveldplaas met Oom Louis se geld gekoop. Hulle het daar gaan woon en met beeste geboer. Jare daarna het Klopper met 'n trekker op die plaas gewerk, die trekker het omgeslaan en hy is op slag dood.

Annie het met Burgerd(t) Adriaan Kloppers te Middelburg, Tvl in 1936 getrou, nog voor haar oorlede man se boedel afgehandel is. Burny is op 22.1.1963 oorlede te Kransberge, Thabazimbi, Distrik Rustenburg, toe 'n trekker na bewering op hom geval het. Sy is die volgende jaar oorlede op 23.9.1964 te Rustenburg. Aangesien sy kinderloos te sterwe gekom het, is haar besittings (o.a. ook die minerale regte op hul plaas Waterval, Distr Rustenburg) in agt dele verdeel tussen haar moeder, haar broer, twee susters, swaers en skoonsusters.





Wie sou kon raai?

Wilma Jansen van Vuuren

Soos enige ander Genealogiese navorser wat in my ouers se stambome belangstel, het ek begin om my moeder se BOTHMA lyn te ondersoek. My moeder, Maria Catherina BOTHMA, is 'n Dorslandtrekker-afstammeling! Dit was nou vir my 'n groot verrassing toe ek dit te wete kom.

Na my besoek aan die Kaapse Argief in 2015 het my navorsing 'n groot omwenteling ondergaan. Binne 'n paar maande het ek, sonder om eintlik hard te werk, my Bothma lyn gou-gou voltooi. Groot dankbetuiging aan Maria Slabbert , Riana Le Roux en familie en vriende... en praat nie eers van Nicol Stassen se boek oor die Dorsland Trek nie.

Ek het oor byna geen inligting beskik toe ek Maria Slabbert vir hulp nader nie. Die enigste goedjies wat ek gehad het was Oupa Gerhardus Johannes Bothma se inligting en sy vrou s'n.

Intussen gesels ek met my moeder. Sy kon my nie veel inligting gee oor haar oupa Gerhardus Johannes Bothma nie. Sy kon net vertel dat hy op 'n vroeë ouderdom aan mondanker en honger oorlede is. Sy het wel geweet dat Ouma weer getroud is na Oupa se dood, met Jacobus Philippus Naudé. Oupa Naudé was almal se gunsteling-oupa. Al was hy nie 'bloed' nie.

Daar begin my soektog toe in die Argiewe. Ek en Maria Slabbert kry die sterfkennis van moeder se oupa Gerhardus Johannes Bothma (TAB98827/1937). Toe besef ek ek het nou darem al 'n ietsie.

Die gogga het gebyt en nou moet ons Oupa se ouers kry. Sal dit maklik wees? Nee, dit weet ek nie! Ek bestel toe deur 'n website Petrus Gerhardus Bothma en sy eerste vrou Louisa COMBRINK se sterfkennisse. Die dokumente duï nie veel aan nie. Oupa en Ouma Louisa Bothma het geen kinders gehad nie. Oupa moes dan mos tweemaal getroud gewees het. Met hulp van Johanna le Roux en Nicol Stassen se boek vind ons toe dat Oupa wel twee maal getroud was. Sy tweede vrou was Anna Maria DU TOIT.

Ai, ek kon dit nie glo nie! My ma se oupa was as kind saam met sy direkte gesin deel van die Dorslandtrek!

My ma kon dit ook nie glo nie. Snaaks, want my ma se ma het altyd so graag die familie uitgelê en staaltjies vertel maar oor dit geen woord nie. Nie eens my ma se pa het iets daaroor gesê nie. Of dalk het hulle, maar niemand het daarop aggeslaan nie?

Hieronder volg die klein bietjie genealogiese inligting tot my besikking oor **vier geslagte BOTHMA'S** vanaf my oer-oupagrootjie- en oer oumagrootjie tot by my moeder.

Eerste geslag: Petrus Gerhardus BOTHMA ([b5c3d10e7f9g1](#)) trou met Louisa Catharina Combrink en Anna Maria DU TOIT

Tweede geslag: Gerhardus Johannes BOTHMA ([b5c3d10e7f9g1h2](#)) trou met Maria Catharina BARNARD

Derde geslag: Gerhardus Johannes Bothma ([b5c3d10e7f9g1h2i3](#)) trou met Antoinette Dorothea BOTHA


Vierde geslag: Maria Catherina Bothma ([b5c3d10e7f9g1h2i3j3](#)) trou met Gerhardus Dirk BRITZ

• Eerste geslag

¹Petrus Gerhardus *c Feb 1842 Bloemfontein woon op Vlakhoek, Rustenburg ²+25 Jan 1879 Makwasse, Zeerust dist (Oorlede 1849 in sy ma se DN, DN lys sy nagelate kinders)

³x 5.12.1866 Gereformeerde Kerk Rustenburg Louisa Catharina COMBRINK *ZAR c. 1845 ⁴+Hartebeestfontein, ZAR 9 Apr 1870 [25] dv Johannes Petrus Combrink en Louisa Catharina Erasmus (beide oorl in haar DN), boerin wat woon in Rustenburg


⁵xx 13.1.1871 Gereformeerde Kerk Rustenburg Anna Maria DU TOIT * 1 Des 1849 in Rustenburg, ⁶+28 Nov 1886 (36) in Kafferskraal, Marico dv Gerhardus Johannes DU TOIT en Johanna Adriana SWANEPoEL. Voorheen getroud met Petrus Johannes Jacobus GROBLER



▲ Huweliksertifikaat: My moeder se oupagrootjie, Petrus Gerhardus BOTHMA se eerste huwelik met Catharina COMBRINK

Sterfkennis: Louisa Catharina Combrink ►

▼ Huweliksertifikaat: My moeder se oupagrootjie, Petrus Gerhardus BOTHMA se tweede huwelik met Anna Maria DU TOIT. Sy's my moeder se oumagrootjie, en dis sy wat met haar man en drie klein seuntjies die Dorsland aangedurf het.



No	Geburdaar	Volle Naam en Voorvoam der Geluwdelen	Adres en ligging	Naam konditor	Naam dienaar	Naamtegetyd van hul Huwelijks dag	Naamlyk opmerking of inskrywing	Naamlyk opmerking of inskrywing
1.	1842	Petrus Gerhardus Bothma	25 Bloem fontein	Rustenburg	Rustenburg	1866	Geen kinders	Geen kinders
2.	1870	Anna Maria du Toit.	21 Rusten- burg	Rustenburg	Rustenburg	1870	Geen kinders	Geen kinders

Dit Huwelijksvergunning word verleent aan
Petrus Gerhardus Bothma en Anna Maria du Toit
In presens daerop onderteken degetiging
F. J. P. Bothma

In bewyding daar my predikant der Gereformeerde Kerk
te Rustenburg op den 15 Februarie 1870
N. J. P. Bothma
V.D.M.

¹ South Africa, Transvaal, Probate Records from the Master of the Supreme Court, 1869-1958," database with images, FamilySearch(<https://familysearch.org/ark:/61903/1:1:Q2DG-59S6> : 16 December 2016), G J Botma in entry for MM9.1.1/Q2DG-59S6:, Transvaal, South Africa; citing Master of the High Court, Pretoria; FHL microfilm 1,295,454

² <https://www.familysearch.org/ark:/61903/3:1:3Q9M-CS92-4922-T?i=931&cc=2520237> sterfkennis

³ <https://www.familysearch.org/ark:/61903/3:1:33SQ-GR15-9MB6?i=346&cc=1918294&cat=499363> huwelik

⁴ TAB0/19361 en TAB 0/20339/1870: DN, test 7 Nov 1867, weeskamer certificaat van 27 Aug 1870: Geen Kinders

⁵ <https://www.familysearch.org/ark:/61903/3:1:33SQ-GR15-9MTH?i=357&cc=1918294&cat=499363>

⁶ <https://www.familysearch.org/ark:/61903/3:1:3Q9M-CS92-87LB-H?i=632&cc=2520237>

(9bl sterfkennis met testament TAB Est. 3385 / 1886) South Africa, Transvaal, Probate Records from the Master of the Supreme Court, 1869-1958," database with images, FamilySearch(<https://familysearch.org/ark:/61903/1:1:Q2DG-RNS6> : 16 December 2016), Gerhardus Johannes Botma in entry for MM9.1.1/Q2DG-RNS8:, Transvaal, South Africa; citing Master of the High Court, Pretoria; FHL microfilm 1,295,484

Anna Maria DU TOIT en Petrus Gerhardus BOTHMA se kinders:

h1 ⁷Johannes Arnoldus *4.11.1871 † 4.03.1936

h2 **Gerhardus Johannes *15.09.1873 †01.08.1937** – hy is my moeder se oupa

h3 ⁸Petrus Gerhardus *05.01.1876

Hul middelste seuntjie, Gerhardus Johannes, was 4jr oud toe hy en sy ouers die Dorslandtrek meegebring het.



Doopinskrywing
Moeder se oupa
Gerhardus
Johannes
se doopinskrywing
met sy ouers se
name

⁹Wat sou die rede wees vir die Dorslandtrek? Was dit dalk die gevolg van 'n hele aantal ekonomiese, godsdienstige en politieke faktore? Die tydperk net voor 1877 word wel gekenmerk deur die swak ekonomie in Transvaal, skuld wat die land opgebou het, handel wat tot stilstand gekom het en waardeloze papiergeeld. Daar was gesê dat die Dorslandtrekkers welaaf was voordat hulle Transvaal verlaat het. Hulle het op 24 April 1877, onder die aanvoering van Jacobus Frederik Botha, vanaf die plaas Dwarsspruit van Jan Robberts in die Rustenburgse distrik vertrek. Hulle doel was om die Tweede Trekgroep in te haal, en by hulle aan te sluit. Daar was 8 gesinne, 40 persone, meer as honderd waens en duisende stuks vee. Onder ander was Petrus Gerhardus Bothma en Anna Maria Du Toit en hul drie seuns deel van die trek. Na 'n veleisende trek, het hulle by Letlhakane die Du Plessis-groep ingehaal. Van daar het hulle saam verder getrek. Hulle het met die Botletle-rivier langs, in die rigting van die Ngamiemeer getrek. Nie eers 10 maande na die trek sterf Petrus Gerhardus Bothma.



Dorsland Trekboere, Mossamedes, Angola.

Moontlik Koos Botha, Gert van den Merwe, Gert Alberts,
Louw du Plessis, en Hermanus P Grobler

⁷ <https://www.familysearch.org/ark:/61903/3:1:33S7-9TMW-VYT?i=439&cc=1918294&cat=499363>

⁸ <https://www.familysearch.org/ark:/61903/3:1:33S7-9TMW-VTF?i=470&cc=1918294&cat=499363>

⁹ Die Dorslandtrekke na Angola en die redes daarvoor (1874-1928) Nicol Stassen *Historia On-line version* ISSN 2309-8392
Print version ISSN 0018-229X Historia vol.55 n.1 Durban May. 2010

http://www.scielo.org.za/scielo.php?script=sci_arttext&pid=S0018-229X2010000100003

Nicol Stassen 2015. *Die Dorslandtrek 1874–1881, 711 ble (teks, nege bylaes, 11 kaarte, 4 tabelle en eindnotas, 'n bronnelys en register)*. Protea Boekhuis. ISBN: 9781485301059. Saamgestel deur Louw du Plessis Posbus 44779 LINDEN JOHANNESBURG 2104. Tel: 011 8883433 0825074639 Vonkpos: parexcel@iafrica.com Indien data gebruik word moet erkenning aan die opsteller gegee word. Bronne is beskikbaar by die opsteller maar besonderse dank word aan dr Nicol Stassen vir van die data, gegee. Lid van die Loodskomitee Dorslandtrekvereniging Namibië; Voorsitter van die Dorslandtrekvereniging Gauteng; Lid van GISA verbonde aan die Gautengwes-Tak, Lid van eGSSA, Lid van die Huguenote-Vereniging 28 Januarie 2015. Nuwe wysigings aangebring op 13 Oktober 2015

[Vorm A.]

STERFKENNIS.

Overeenkomstig de Wet op de Weeskamer, 10 November 1869.

1.—Naam van den Overledene—

P. J. Bothma

2.—Geboorteplaats van den Overledene—

Kaapkolonie

3.—Naam der Ouders—

J. G. Bothma

4.—Ouderdom—

38⁸ elf maas doo

oor beweer
getrouw

5.—Deroep—

6.—Gebouwd of ongestouwde—
Weduwe van of Weduwe—

7.—Datum van overlijden—

1879 per 25 Januari

welke oorzaak in den agter

8.—Waar gestorven—

9.—Of er testament bekend is— ja

10.—Of er reeds of onveroude goedere of byde nichts
heide zijn aangeleent—

11.—Is de beeld naas gering boven de £25— ondiep den 25

12.—Naam der kinders—moedig of onmoedig— onmoedig

G. P. J. Bothma J. G. Bothma
Weltevreden

Sterfkennis: Petrus Gerhardus BOTHMA

- Tweede geslag

My moeder se oupa was net vyf jaar en vier maande toe sy pa oorlede is, en net oor die 13 jaar toe hy sy ma verloor het.

Gerhardus Johannes BOTHMA *Transvaal 15 Sept 1873 ¹⁰ ~Rustenburg Gereformeerde Kerk 18.1.1874 TAB98827/1937: DN, test 17 Jun 1937 getekken op Weltevrede, Oorname toestemmingsbrief, L&D 1 en 2. DN lys 8 kinders

¹¹Hospitaal Ventersdorp 1 Aug 1937 [62.11] (kon graf nie kry nie), sv Petrus Gerhardus BOTHMA en Anna Maria DU TOIT, boer op Weltevreden, oorlede aan honger as gevolg van mond-/keelkanker

x Zeerust **Maria Catharina BARNARD** *9 Jun 1886 †16 Jan 1972 Johannesburg ¹² begrawe Groot Marico Dorpsbegraafplaas, sy hertrou voor 2 Nov 1949 met Jacobus Philippus NAUDÉ *25.4.1886 †17.02.1971 Johannesburg begrawe Groot Marico Dorpsbegraafplaas.

Gerhardus Johannes BOTHMA en Maria Catharina BARNARD se kinders:

- i1 Pieter Gerhardus *6.08.1904 †11.03.1981
- i2 Cornelis Hendrik *9.06.1906
- i3 Gerhardus Johannes *27.05.1908 †24.08.1990**
- i4 Adam Johannes *22.7.1911
- i5 Johanna Catharina *8.09.1913
- i6 Johannes Arnoldus *10.5.1916
- i7 Anna Maria *15.7.1920 †20.8.1982
- i8 Maria Catriena Johanna *11.12.1927 †28.4.1934

3305

STERFKENNIS.	
Overeenkomstig de Wet op de Weeskamer, 10 November 1869.	
1.—Naam van den Overledene—	Anna Maria Du Toit
2.—Geboorteplaats van den Overledene—	Die Aan Rustenburg, oornameplaatsplaats
3.—Naam der Ouders—	Gerrit Jan Bothma en Johanna Bothma gebore Zuurberg
4.—Ouderdom—	35 ⁸ en 11 maande 24 dagen
5.—Deroep—	Boer
6.—Gebouwd of ongestouwde—	getrouwe Weltevreden of Weltevreden
7.—Datum van overlijden—	28 September 1886
8.—Waar gestorven—	Rustenburg, oornameplaatsplaats, Groot Marico
9.—Of er testament bekend is—	testament
10.—Of er reeds of onveroude goedere of byde nichts heide zijn aangeleent—	Klaarstaande
11.—Is de beeld naas gering boven de £25—	laag den 25 pond
12.—Naam der kinders—moedig of onmoedig—	moedig
NB.—Naam der onmoedige volgt niet daarom dat de grondre	Johannes Arnoldus Bothma 25.4.1904 Johanna Catharina Bothma 13.9.1913 Cornelis Hendrik Bothma 11.9.1916 Johanna Catharina Bothma 24.1.1922 Johannes Arnoldus Bothma 15.7.1924 Anna Maria Bothma 29.4.1934
Als getuigen	
W. J. Basson	
P. J. G. Grubben	
M. H. Steynman	
Weltevreden	

Sterfkennis: Anna Maria DU TOIT

¹⁰ <https://www.familysearch.org/ark:/61903/3:1:33SQ-GTMW-KVV?i=454&cc=1918294&cat=499363>


¹¹ TAB98827/1937: DN, test 17 Jun 1937 getekken op Weltevrede, Oorname toestemmingsbrief, L&D 1 en 2. DN lys 8 kinders

¹² http://www.eggsa.org/library/main.php?q2_itemId=1779341

My moeder se ouma, my oumagrootjie, het na haar man se afsterwe weer getrou. Sy en Jacobus Philippus Naudé was gelukkig saam, en hy was baie geliefd. Sy het net elf maande na haar tweede man se dood ook heengegaan.



Oupa en Ouma Naude



- **Derde geslag**

My moeder se pa, Gerhardus Johannes BOTHMA, was alombekend as Gert, en haar ma, Antoinette Dorothea BOTHA, as Nettie. My Oupa Gert werk as jong man by Spoornet. Daar doen hy 'n kopbreuk op. Nettie boer vir jare alleen op die plaas Weltevreden, Groot-Marico. Gert begin eers op sy oudag boer tot hul die plaas van 66 morg grond verkoop en by die oudste dogter in Luiperdsvlei gaan woon.

Gerhardus Johannes *27 Mei 1908 †24 Aug 1990 Johannesburg, begrawe Sterkfontein begraafplaas, Krugersdorp x 17.2.19? Antoinette Dorothea BOTHA *22 Okt 1913 †25 Aug 1994 (80) in Johannesburg, Ons Tuis Ouetehuis Hillbrow, begrawe Sterkfontein begraafplaas. Sy was die dogter van Johannes Jurgen BOTHA (nie Appel-lyn) en Susanna Wilhelmina Johanna GROBLER



Gert Bothma en Nettie Botha se troudag



Bothma gesin (Gert, Nettie, Sussie, Miems, Johan en Gerhard Bothma)

Gert Bothma en Nettie Botha se kinders:

j1 Gerhardus Johannes *12.12.1936

j2 Susanna Wilhelmina Johanna *19.12.1939

j3 Maria Catherina* 24.12.1945 Westdene X 8.1.1966 NH Kerk Krugersdorp ¹³Gerhardus Dirk BRITZ, *12.4.1942 Booysens JHB †30.8.2005 Sasolburg. Veras

j4 ¹⁴Johannes Jurgens *25.10.1950 †Nelspruit 17.10.2002 Roudiens 21.10.2002 Nelspruit

- **Vierde geslag**

Op 'n ander keer vertel ek meer oor my moeder, j3 hierbo.

¹³ http://www.genza.org.za/biblio/main.php?g2_itemId=79296

¹⁴ http://genza.org.za/biblio/main.php?g2_itemId=79284








Begrafnisbriefies was anders

My naam is Hennie Steyn. Gebore op 21 April 1939. Grootgeword in die omgewing van Leslie (vandag bekend as Leandra) op die plaas Klipfontein.

In die verlede was begrafnisbriewe op die platteland met die hand geskryf. So 'n geskrif het bekendgestaan as die 'Begrafnis lys'. Ek besit 'n aantal sulkes, en wys hier drie van hulle.

My oorlede oupagrootjie, Pieter Daniel Janse van Rensburg, se begrafnis was te Klipfontein op 25 Junie 1937. Hy is die vorige dag oorlede, op 24 Junie 1937. Sy begrafnis lys bestaan uit drie velle papier.




So 'n brief word deur een persoon opgestel, gewoonlik die koster van die plaaslike gemeente. Die rede was heelwaarskynlik omdat nie almal self kon skryf nie.

Die afgestorwende se oorskot word op die plaas voorberei en gekis. Die Ossewa se tent word uit die waenhuis geneem en buite op 'n geskikte plek staangemaak, die kis word daarin geplaas in afwagting op die reëlings van die teraarde-bestellingsdag. Die Waenhuis word skoongemaak en voorberei vir die begrafnisdiens. Spanne kis-draers word gekies omdat die plaas-kerkhof gewoonlik 'n hele distansie ver is, en draers moet mekaar aflos. Stoele word saamgedra om die kis op te plaas as die spanne omruil. By die kerkhof word die stoele as sitplekke gebruik vir ouer mense wat moet sit. Die teraarde-bestellingsdiens word dan daar afgehandel, en die roubeklaers beweeg terug Waenhuis toe vir verversings.

My oupagrootjie het in 1912 'n seuntjie en dogtertjie aan die dood afgestaan. Hier langsaan uittreksels uit hul briefies. Klein Petrus was net oor vyf-en-'n-half jaar oud (5 jaar 7 maanden en zestien dagen), en Annatjie was onder twee (1 jaar 7 maanden en 29 dagen).

Op 17 Oktober 1903 vind daar 'n 'Weder ter aarde bestel' plaas te Heidelberg, Transvaal. Dis opgestel vir die herbegrafnis van twee van Heidelberg se Boerehelde, Genl C.J. Spruyt en J.C. Kriegler op 17 Oktober 1903. Daar was tershelfdertyd 'n diens ter herinnering aan die 77 gesneuweldes van die kontrei. In die Klipkerk se Argief op Heidelberg is daar 'n afskrif van die dokument op uitstalling te besigtig.



'n Rare begrafnisbrief het oor my pad gekom, die 'Krant' van Maaike Teuntjie van Buuren. Vreemd om te sien maar tog iets om te waardeer, en 'n mooi idee ter verering van die afgestorwene. Sy is hier in ons woongebied deur Ds Fritz Badenhorst van die NG kerk begrawe.





ONS ONTHOU... Ouma se voorhuis

Gys Ströh (en Kobie) Ströh

Niks en niemand verdwyn werklik uit jou lewe nie. Want daar is altyd die onthou
- Bakkes 2009:127)

Soms is dit 'n reuk, soms is dit 'n klank, soms 'n gevoel...
of die herinnering aan ouma se voorhuis, wat die heimwee wek.



Sproeireën

My nooi is in 'n nartjie,
my ouma in kaneel,
daar's iemand... iemand in anys,
daar's 'n vrou in elke geur!
As ek 'n stukkie nartjieskil
tussen my vingers buig of knak,
breek uit die klein sproeireën
wat geurend om my hand uitsak,
die boorde weer van Swartfoloos
en met die nartjies om my heen
weet ek hoe dat 'n vrou kan troos.
My nooi is in 'n nartjie,
my ouma in kaneel,
daar's iemand iemand in anys,
daar's 'n vrou in elke geur!

-DJ Opperman

Hier is 'n paar skryfstukkies wat die nostalgie van onthou mooi uitdruk:

musiekles

Die "musiek" (soos die traporrelgenoem is), het op kwaai oupa en ouma se plaas in die voorhuis gestaan. Die ou groot donker voorhuis, waar die planke gekraak het as jy loop, was eintlik verbode terrein vir ons kinders. Teen die mure was die portrette van ons voorouers, met hulle stoere gesigte. So ons was maar skrikkerig.

-Junie 17, 2009 in Sonder kategorie

voorhuise en kombuise

Ek sit hier en tik met my yskoue vingertjies, alleen in die voorhuis. Ons bly in 'n ouerige huis uit die tyd voor mense 'n aparte sit- en tv-kamer gehad het. Nou voel die outydse 'voorhuis' vir my of dit 'n heel gepaste benaming is vir hierdie vertrek wat alles in een is. Wat my nou skielik ook laat dink aan doerie tyd toe 'n sitkamer net 'n formele vertrek was en beslis nie 'n plek waar ons as kinders sommer net rondgesit het nie. Nee, dit was gereserveer vir wanneer ons 'mense' kry. Nog 'n ouwoordjie wat in die konteks nogal snaaks is, want deesdae praat ons van gaste of dan ten minste 'kuiermense'. As 'n mens nou mooi dink oor die sitkamers van destyds, was dit in elk geval nie gesinsvriendelik nie, want dit was in die tyd voor televisie. Aande se kuierplek vir ons was in die kombuis, na ete, wanneer die ou koolstoof nog lekker warm was. Enigiemand wat saans kom kuier het het ook in die kombuis saamgesels tot laat.

- Junie 30, 2009 in Sonder kategorie

Huis

Kom ek nooi jou na my voorhuis
 met 'n vaas vol fynbos
 en 'n doilie op die suikerpot
 met jou blik op die formica-skinkbord wat gul op die sinne wag
 kom sit op my riempiesstoel met die fluweelkussing
 wat steeds ruik na my ouma en haar swart sisrok
 skop jou skoene uit en voel die koelte van my peperboom onder jou tone
 sluit jou oë
 en sien my Karoo in die blou erdekom op die sideboard raak
 loer deur die loodglasvenster en sien die rooi granate oopbek lag met rye klein fyn tandjies
 sluimer so 'n wyle voor jou hande my toeka-koppies vol moerkoffie met bokmelk vat

lag saam oor afleivore langs die kleinhuisie en die sifkas se lendelam deurtjie
 hoor die rekhek klap-klap op die gruis van my kleintyd
 rus op die kuiertoep met die rye biltonge bo jou kop
 en die reuk van opkookvleis op die koper Primus
 hoor net weer een keer die traporrel huil onder die familieportrette
 en my oupa se noot-insit vir die aandgesang
 huis saam met my
 nog 'n rukkie
 voor jy groet
 en jou brede of smalle weg alleen gaan.

-LITNET [Skryfkompesies](#) 2017-02-10 Elza Hanekom

Wat wás in Ouma se voorhuis? Wat dra ons in ons kinderherinneringe saam? Kom ons vra 'n bietjie rond...



Ou muurhorlosie

Kobie onthou:

Die rustige tik-tak van die
 groot ou muurhorlosie. Dis
 sorgvuldig opgewen en
 afgestof en gereeld geolie.
 Die trouportret van twee
 ernstige jongmense wat glo
 ons kinders dophou om te
 sien of ons kwaaddoen.
 Geraamde afdrukke van
 skilderye.

En ornamente wat hang op
 die kombuismuur...



JB Haarhoff, LCM van Deventer



Voortrekker Monument



Tretchikoff se skilderye was baie populêr, veral sy 'Dying Swan'.

...en die toilet se deur.



Marina onthou die lekker kuierplek met rye en rye lepeltjies teen die mure, versamel van oor die hele wêreld, en foto's van kinders.



Grootoupa Johannes Theodorus Nel en Grootouma Jacoba Salomina

Levina en Kobie onthou die formele kuierplek op Ouma en Oupa se plaas.

Daar was die ou familieportrette met swaar donker rame, van ouers en grootouers, en geraamde afdrukke...



Oupa Joshua Benjamin Haarhoff



De Breede en De Smalle weg

godsdiestig, om te waarsku


geskiedkundig, om te onthou



Bloedrivier



...en sentimenteel, want so was ons.



En onthou julle Ouma Pretoria?

Kobie:

Die sitkamer met die mooi ou staalplafonne. Die houtvloere. Loodglasvenster in die voordeur, die rooiblink gepoleerde stoep en paadjie tot teen die straat. Groot almanak teen die muur. Potplante en gehekelde lappies.



Levina:

Vol liefde en geborgenheid. 'n Veilige hawe vir my toe ek 'n kind was.




Kobie:

Wat van Kersfeest? (Dis mos Ouma se woord vir Kersfees gewees.) Die kersboom, geskenke en die konserte wat ons opgedis het in die voorhuis...

Weet jy wat onthou ek nog: die plastiek-blomrangskikkings.

Ouma se spesiale stoel!



Levina: Ek onthou ook met ander sintuie, soos die reuk van Cobra politoer (die blinkgepoleerde vloerplanke); en die reuk van varsgebakte brood. Bybel wat altyd op die 'sideboard' was. Die einste 'sideboard' met die vingermerkies daarop wat nie afgegee mag word tot lánk nadat die kleinkinders daar gekuier het nie. Ag hoe lekker nostalgie...

Engela, Freddie, Gys, Annemarie vertel weer oor die familiefotos in donker houtrame.




Freddie: ...en die skildery van Jesus en sy dissipels, Laaste Avondmaal mos.

En vreemd by die terugdink: Kapenaars met 'n skildery van Paul Kruger, sê Freddie

Nicolaas vertel oor die skilderye wat hy onthou. ‘Daar was mos ‘n seetoneel wat Ingrid Jonker se stiepfa geskilder het. En ‘n landskap met ‘n kremetartboom. En ‘n peutertjie met ‘n donkie! En moenie vergeet van die foto van Dr HF Verwoerd homselwers nie.’



Geschiedenis het ‘n groot rol in hulle lewens gespeel, vertel Kobie en Gys. Wat was daardie gedig nou weer, by die prent van die man by ‘n graf? O ja. Jan Celliers s’n... Baie treurig. Daar was so een in Oom Charles Harding en Tannie Mimmie Haarhoff Harding se huis. Daar was ook ‘n bord op hul muur met ‘n tekening van die plaasopstal by Thabazimbi



Dis al

Dis die blond,
dis die blou:
dis die veld,
dis die lug;
en 'n voël draai bowe
in eensame vlug -
dis al

Dis 'n balling gekom
oor die oseaan,
dis 'n graf in die gras,
dis 'n vallende traan -
dis al

Annemarie en Gys:

Ouma Beket van Kroonstad. Daar was swart en wit foto's van hulle troudag en Ouma se ma en pa. Mooi skilderye van blomme. Baie blinkgevryfde koper ornamente (of brass... dis mos geelkoper?)

Gys:

My ma se huis. Muurhorlosie in die gang. Was ‘n geskenk van my oupa FAJ Ströh aan my ouma met my pa, MWK Ströh, se geboorte in 1928. Daar was ook baie koper ornamente, groot gedeelte daarvan geërf van my ouma A. Beket





Van Ouma Rustenburg se voorkamer onthou Annemarie die geraamde gehekelde Onse Vader (ja, in die Laandbouweekblad se vrouebylaag was daar altyd die een en die ander wat vra vir die patroon...) en weereens familieportrette.

FAJ Ströh en AF Kilian Ströh



Na die uitvra en geselsies gaan dink ons oor ons gevoltrekkings en eie waarnemings. Ons stem saam: Ouma se kombuis was die groot kuierplek rondom die koolstoof en 'n lekker koppie boeretroos. Ouma se voorhuis was óf 'n kuierplek met hope son en gasvryheid, óf dit was 'n somber, donker verterk spesiaal opsygesit net vir dominie en ouderling se huisbesoek.

Maar duidelik in elke destydse voorhuis te sien is kenmerke van ons voorsate: Hul vaste geloof en vertroue in God; 'n noue verbintenis met hul verlede en geskiedenis; nasietrots; belangrikheid van gesinsbande en hul respekte vir ouers.

Dit was moeilike tye, min ruimte vir tierlantyntjies en luukshede. Maar Ouma het te midde van alles 'n veilige hawe vir haar familie geskep en dit is wat in ons kinderherinneringe vasgelê is. En so ons karaktere help vorm het.

Dankie Ouma

Ons sê dankie aan almal wat bygedra het:

Kattie (LCM) van Deventer Haarhoff, JB Haarhoff, JV Beket Ströh, Levina (LCM) Haarhoff Vermeulen, Freddie (FJ) Vermeulen, Marina (LCM) van den Berg Louw, Nicolaas Louw, Annemarie Zoellner.



Herinneringe aan my aardse vader

Stefan Jansen van Vuuren



My pa, Francois Wiid Jansen van Vuuren, is 4 Junie 1939 te Phillipstown gebore. Hy word groot in Hopetown. As jong man trou hy in Kimberley met my moeder, Catharina Cornelia Roos. Daar het hulle ondere andere by Elizabeth Conradi skool vir gestremdes gewerk. Dis seker waar my liefde vir die spesiale kinders vandaan kom.



Na vele omsweringe het hul in Bloemfontein beland, waar my vader in die boubedryf begin werk het. Die kere wat ek saam met hom werk toe gegaan het, het my geleerloodgieterwerk is nie altyd so lekker nie! Jy's nie altyd skoon, droog of lus nie. Tog was dit altyd lekker om saam met Pa te wees. By hom het ek geleer dat 'n skopgraaf lekker wors kan gaarmaak en 'n balsterverk vir 'n rooster kan instaan. Die lekkerste broodjies wat ek nog geëet het was Pa s'n wat hy in sy kosblik oorgelos het. Dalk aspris net vir my. Dêm, hulle was lekker! Dankie Pa!

Toe ons op die plotte in Bloemfontein gebly het, het my pa 5-10km teerpad-toe moes loop vir 'n saamrygeleenthed werk toe. Ek vra hom hoekom? Sy woorde aan my: 'Hoe dan anders? 'n Mens bly nie sommer net weg van jou werk nie. Onthou, jou werk is jou trots.' Na jare het ons Vanderbijlpark-toe getrek waar my pa by YSKOR begin werk het. Die geld was meer, maar ryk was ons nie.

Onverklaarbare gebeure: voertuie wat rég voor ons hek kom breek. Baie kere, laat in die nag, het mense by ons vir hulp aangeklop. Hul is hartlik ontvang en ingenooi. Ons seuns moes help koffie maak en iets te ete gee. 'n Paar keer moes ons die voertuig ook in die erf instoot sodat Pa kan help herstel. Menige kere het Pa vir die mense petrolgeld gegee. Hul ry weg met die belofte dat hulle dit weer terug sal gee. Ja, né? Van die mense het na 'n jaar of twee wel opgedaag en die geld met rente en dankbaarheid terugbesorg, maar baie het nie. As kind kon ek dit nie verstaan nie. Ek vra Pa, 'Hoekom géé as ons self nie het nie, en dit nog boonop aan vreemdelinge?' Hy antwoord: 'Eerstens moet jy wegkyk as jy gee, want jy gee in elke geval nie jouen nie maar die Vader s'n, en tweedens is 'n vreemdeling net 'n vriend wat jy nog nie ontmoet het nie!'

My pa was 'n mens-mens wat vir oud en jonk lief was. Dit is iets wat ek by hom gekry het. Pa het dikwels uit sy pad uit gegaan om ander te help, dan was Ma se woorde, 'Hul gaan jou nog dood langs die pad optel!' Pa sê, 'Hul sal nie, want Hy is saam met my!' Jare later het my vrou dieselfde woorde vir my gesê, en dieselfde antwoord gekry.

Pa en ek het menigmaal winkel toe gegaan, dan koop hy 'n klein French polonie. Hy haal sy knipmes uit en so staan ons en bekyk die mense terwyl hy skyfie vir skyfie vir ons afsny. Een vir hom en een vir my. Dan staan die tyd vir ons stil en ons gesels net. Met die tuiskoms is Ma boos, want ons was veronderstel om net gou-gou te gaan. My pa antwoord haar dan rustig, 'My seun en ek het gesels.'

Ek was 'n baie gelukkige kind om so aardse vader te kon hê.





'n Ode aan Eergister

Nico Moolman

Ry ek mos gister Heilbron toe. Vrek warm met my onkonvensionele brekfis.
Mied-paai en vanilla Coke. Veertig minute se wegry van die werklikheid.

In die museum op Heilbron koel ek lekker af onder die waaiers in die ou Joodse Sinagoge, wat net te stadig waai oorlat vlakte vlieë nog op die blaiae van die waaiers kan gaan sit. Só gelukkig om nie die R10 toegang te hoof betaal nie. Nou kan ek op pad terug nog 'n Coke en halwe paai koop (as ek 'n vol paai wil hê sal dit R13 kos wat mens nie behoort te betaal vir papierkos nie).

Quarta wys my boek op boek, foto op foto en kiekie op kiekie uit die ou tyd. Uiteindelik kry ek dit wat ek kom soek het. Graf nommer 52 van Hans Jacob Swart. Dis hy wat op die teenblad van my storie 'Op die Majoor...' van my boek '*Die Pienk Traaisiekels*' op wag staan en my storie verryk. Die lesers weet nie hy is in die heup geskiet en ure lank op 'n slee Heilbron toe gesleep nie. Ook weet hulle nie hy is dae daarna met onuitstaanbare pyn oorlede nie. Ek weet dit. Piet Lombard het my die foto geleen en vertel. Ek is dit aan hom verskuldig om die omgestampte grafsteen te gaan regop sit. Hy het dan vir my vryheid geval.

Naderhand ruik ek kordiet, hoor skote en verlei die biblioteekspook my gedagtes om nog meer oor my mense wat vergete in lêers vismotte probeer ontwyk, te skryf.

Ek klim in die voertuig van die oomblik en wyk uit na die ooste.

Vat die afdraai Deneysville toe. Nou is al my sintuie op kommando. Richard vat my na die oudste huis in die dorp. Tyd verbleik nie brandwonde op ou taaie oorlewings dakbalke nie.

Die paar yuppies op hulle jet ski's wat karp-ingooi-diep in die water rondjaag maak nie hond haaraf op my gemoed nie. Tannies met kappies op en siek kinders het hier sterk geword. Onder die koelte van die sandwalle, nou onder water en die kiele van seiljagte wat Maandae nog babbelas is en wat wag vir volgende naweek se weer-dronk word, braai 'n fisant in veldbos asse.

Dit het nie gister saak gemaak nie. Die kultuurlug het my gedagtes beskerm teen tydelike ydelheid. 'n Kiewiet het nes ek die beeld van die oomblik gekoggel met wat ons geweet het.

Ek het versadig huis toe gekom. My siels-padkos-mandjie was vol negosie en proviand.

Was nie bang vir spietkops nie. Hans Swart en sy Martini was by my.

Sou nie honger word nie. Ook nie dors nie. My siel was versadig met die mooi.

My honde het stert gewaai toe ek huis kom.

Die weerligte het sweep gedans. Die bome het blaar gewys.

Die sonsondergang was skaam. Agter donker wolke gaan horison lê.

Die bedlamp het kers uitgeblaas om en by tien.

Die kooi het loopgraaf om my gevou en die nag was stil.



Oulike idee vir 'n stamboom muur?



Die lyk was die van Sannie, my kind.
Straffen Short

Voorafgaande epos korrespondensie:

Erna,
'n Storie vir jou Storiewa. En nie net sommer 'n storie nie - 'n ware storie soos gesertifiseer deur Konstabel Coetzee
Kst 7144 (B), Getuie en L. Hansmann, Spesiale Vrederegter.
Groete
Straffen

Dankie, Straffen. Dis nou 'n annerster soort storie, daai. Ek wens net ek hoef dit nie te transkribeer nie, maar ek sal
maar moet.

Erna

S: Ek het nie gedink jy hoef te transkribeer nie, sit net die opskrif by en dan die x3 images (edit & crop hulle so
bietjie). Spelling & typo's & tikmasjien & official stamps vertel hulle eie storie.

E: OK – if you say so...

Straffen het al dikwils vir my interessante en aangrypende goed m.b.t. tot my voorgeslagte op die 'net opgespoor. Ek
weet nie hoe hy dit regkry nie. Ek dink hy surf NAAIRS en Family Search sommer vir die lekker. Wat ook al sy
metodes, glo ek hy is 'n baasverkenner van die internet se genealogiese hulpmiddels waarmee ék steeds sukkel.

Hieronder volg sy 'storie'.

(2).
Wilhelmina Rachel Williams

Beedig verklaar:-

Ek is n Kleurling 49 jaar oud, en woon saam met my man op die plaas Klip eiland in die Spesiale Vrederegterswyk Bronkhorstpruit, Distrik Pretoria. Susanna Williams ook bekend as Sannie, ouderdom 12 jaar en ses maande, was my dogter.

Om 7uur voor middag op 29 Mei 1937 was sy besig om haar hare buite die huis te was. Daar was ook n vuur buite die huis. Die huis het net een kamer. Ek was besig om op te staan. Toe ek sien kom sy binne die kamer en sy roep Sussie sussie. Haar klere was aan die brand. Ek loop na daar en probeer die vuur met my hande doodmaak. Ek het die klere van haar afgeskeur. My anderkind Wilhelmina, ouderdom 21 jaar, wasook daar en het n kombers oor Sannie gegooi. Sannie is oor haar hele lyf verbrand net haar bene, voorkop en hare was nie verbrand nie.

Ons het kasterolie op haar lyf gesit, terwyl my man, wat toe aankom, dadelik na Dr. Mes is. Om 12uur voor middag is ons met n taxi na Pretoria Hospitaal met Sannie. Ons het daar 1uur nm. aangekom.

Op die 30^e Mei hoor ek dat sy dood is.

Ons het toe haar lyk op die 1^o Junie by die Lykhuis, Magistratekantoor Pretoria, gaan haal. Die lykwas die van Sannie, my kind. Ek het nie self ingegaan Pretoria nie. My dogter Wilhelmina en my seun Jackie het die lyk gaan haal en na my huis gebring.

Ek het nie gesien hoe sy aan die brand geraak het. Sy was alleen buite by die vuur.

My man Erasmus Williams, was weg van die huis, besig om by Mr. Piet Grobler op die selfde plaas te melk.

My dogter Wilhelmina was saam met my in die huis. My ander drie kinders en Wilhelmina se klein kinders was almal nog in die bed.

Sannie het vir my gese: "Ek het by die vuur gestaan en my hare gekam." Die vuur buite was n misvuur wat in n blik gebrand het. Sy moes te naby die blik gestaan het en aan die brand geslaan het. Sy moes eers self die vuur probeer doodmaak, en het toe ingehardloop.

*antiphil wright
H. Wright*

SPECIAL JUSTICE OF THE PEACE,
SPESIALE VREDEREGTER,
BRONKHORSTPRUIT

(2).

Affidavit

y dogter Wilhelmina Jubaaijer woon in Ermelo met haar man.
y seun Jackie woon ook in Ermelo, maar hy was nie teenwoordig om 7 uur
p die 29^e Mei 1937 nie. Jager Street Ermelo. I am married to my
wife.

On the 16th June 1937 I was in Pretoria with the death of my Sister
Wilhelmina Rachel Williams Annie Williams. On the same date I identified the dead body of Annie
Williams to Sergt. Basin of Pretoria.
Getuie: Coetzee Kst. 7144(B).

My name is not Kathleen Williams neither
I klaaerder erken dat sy op hoogte is met die inhoud van hierdie verklyking
in dit begryp. Wilhelmina Goibaiyer

for my beedig. at Ermelo this 2nd September 1937.

L. Hansmann. P. Steenkamp D. Sergt.

Spesiale Vrederegter. Commissioner of oaths.

*Authenticated correct
Certified correct.
J. H. G. J. G. G.*

SPECIAL JUSTICE OF THE PEACE,
SPESIALE VREDEREGTER,
BRONKHOBSTS普RUIT,

FORM OF INFORMATION OF A DEATH. AANGIFTE VAN 'N STERFGEVAL.

(Act No. 17 of 1923.—Wet No. 17 van 1923.)

WARNING.—The penalties for false statements wilfully made are the same as those for perjury.
WAARSKUWING.—Die straf vir vase verklarings opsetlik gemaak, is dieselfde as in die geval van meineed.

DECEASED.—OORLEDENE.

1. Christian names and surname
Voornaam en familienaam

Susanna (Cannie) Williams
(See attached inquest proceedings)

2. (a) Name of parent or guardian (if deceased was under the age of ten).

(a) Naam van ouer of voog (indien oorledene onder die ouderdom van tien jaar was)

(b) Place of residence of mother*

(b) Woonplek van moeder* (See attached inquest proceedings)

3. Sex Female 4. Age 2½ (13) years 5. Race Mixed
Geslag Ouderdom Ras

6. Birthplace Tzaneen 7. Whether single, married, divorced, widower, or widow Single
Geboorteplek Of ongetroud, getrouw, geskeie, wewenaar of weduwee

8. Occupation Scholar
Beroep

9. Pensioner or dependent of pensioner No
Gepensioneerde of afhanklik van gepensioneerde

10. Date of death May 1937 1937
Datum van oorlye

11. Place of death Nelou General Hospital
Plek waar oorlede

12. Usual place of residence Bronkhorst Street District Hospital
Gewone woonplek

13. Intended place of burial Bronkhorst Street (District Hospital)
Voorgenome begraafplek

14. Causes of death Death caused by accidental drowning
(In the case of the death of a mother when giving birth to her first child, this fact should be stated by inserting the words "First Child".)
Oorsake van dood Due to accident, clothing caught slightly
(In die geval van die dood van 'n moeder by die geboorte van haar eerste kind, moet hierdie geskouenis aangedui word deur die woorde
"Eerste Kind" in te vul.)

15. Duration of disease or on last illness 3 days
Duur van kwaal of laaste siekte

16. Name of medical practitioner Dr. Muller holding autopsy
Naam van geneeskundige praktisyn

INFORMANT.—BERIGGEWER.

17. Original signature (or mark) J. T. Potgieter
Die handtekening (of merk)

Qualification S.J.P. (Special Justice of the Peace)
Revoegheid

Residence Vrederegt
Woonplek

(See attached inquest proceedings)
SPECIAL JUSTICE OF THE PEACE,
(SPEIALE VREDEREGET),
BRONKHORSTSPLUIT.

To be filled in when the form is signed before a Justice of the Peace or Police Officer.
Moet ingevul word wanneer die vorm geteken word voor 'n Vrederegt of Polisiebeampte.

Signed before me at _____ on this the _____
Getekken voor my te _____ op hede die _____

day of _____ 193_____
dag van _____

Justice of the Peace or Police Officer.—Vrederegt of Polisiebeampte.

The following spaces are reserved for the use of an Assistant District Registrar and of the District Registrar.
Die volgende ruimtes is vir die gebruik van die Assistent-distrisksregistrator en van die Distrisksregistrator.

When registered or received 193____ Station Standplaas
Wanneer geregistreer of ontvang

(Signature) 6th September 193____ Assistant District Registrar.
(Handtekening) Spiesius 193____ Assistant-distrisksregistrator.

When registered 6th September 193____ District PRETORIA
Wanneer geregistreer

(Signature) Spiesius 193____ District Registrar.
(Handtekening)

No. of entry 1521 District Registrar.
No. van inskrywing

* To be given in the case of an infant less than 1 year who dies in the institution where it was born.
* Moet aangegeen word in die geval van 'n kind minder as 1 jaar oud wat sterf in die instelling waar dit gebore was.

For instructions see reverse of form.
Vir instruksies sien agterkant.



Ek wil voortborduur op laasjaar se storie, waar ek vertel het van die gelukkige toeval wat my Naudé navorsing baie gehelp het. Ek het laas geskryf oor hoe ek Oom Piet de Wet toevallig op sy plaas tussen Lady Grey en Aliwal Noord raakgeloop het toe ek gesoek het na die Naudéfontein familieplaas. Vandag vertel ek oor 'n meevalle wat, na my mening, 'n nog groter toeval was.

Toe die voorval gebeur het, was ek nie opsoek na familie nie, en vér weg van enige familie-omgewing. Hierdie is die storie van die plaas Oudenwagensdrift in die distrik Worcester.



Laat ek by die begin begin. In Julie 2009 hou ek en my oorlede vrou vakansie by Eiland SPA nabij Tzaneen. Ek gaan swem alleen in die toe-swembad op 'n slechte onweersdag. Sit in die swembad toe die sesvoet-plus omie met sy krombene en oor die 80 jaar my join.

Ons gesels so 'n kwartiertjie, toe sê ek 'Haai Oom, ons gesels nou so lekker, my naam is Johan Naudé.' Hy sê toe ek is Willi Naudé; vra ek waar is Oom vandaan? Worcester, seg Oom Willi. Nou begin ons groot gesels en familie uitlê, want ons is mos altwee Naudé's, daar **moet** érens 'n gemene familielid wees. Dis nie lank nie, toe kom ons agter dat twee van ons verre grootouers mos saam geboer het op Oudenwagensdrift. Die plaas was reeds in die familie Naudé se besit in die dae van Lord Charles Somerset. Hy het destyds die 'Erfpag' ingestel. Plase is toegedeel aan die persoon wat op daardie stadium op die plaas geboer het. So het Stephanus Francois Naudé in die jaar 1812 Oudewagensdrift bekom.




So lyk 'n Rijksdaler Plaat

In 1819 koop die twee Naudé broers, Stephanus Francois (*1776, Oom Willi se voorsaat) en sy broer Jacob Johannes (*1773, my voorsaat) die plaas van 1805 morge vir 38 Ryksdalers. Oudenwagensdrift is 10 km buite Worcester op die Robertson pad geleë. My voorvader verkoop sy deel van Oudenwagensdrift aan sy broer Stephanus in 1822 en hy trek binneland toe. Die twee broers was vierdegeslag Naudé's. Ek en Willi is tiendegeslag Naudé's. In 2011 het Willi nog op Oudenwagensdrift geboer, en was die plaas nog steeds in Naudé besit na byna 200 jaar!

Dis nou hier waar ek julle, die lesers, se inset wil hê. Wat is die kans dat twee Naudé's, ses geslagte en 1200km uitmekaar, mekaar in die Oos Transvaal gaan raakloop en agterkom hul voorvaders was broers? Is dit toeval of bestiering? Daardie ontmoeting het weer baie deure vir my oopgemaak, om op my voorgeslagte se pad te kon loop tot waar ek vandag is met my Naudé navorsing.

Willi Naudé se skoonsuster, Heloise Naudé, het baie navorsing oor Willi se geslagsregister gedoen. Haar dokumente het heelwat inligting oor my stamboom bevat, wat ek later in my eie dokument kon opneem.



Ek het die voorreg gehad om in 2010 vir Willi op Oudenwagensdrift te gaan kuier. Hy het ons op die hande gedra en die hele plaas gewys. 'n Kuiertjie wat net 'n halfuur in dieoggend moes duur, het verby aandete gestrek. Ons het ook vir Heloise gebel om sekere familiebande uit te klaar. Hoe dankbaar is ek vandag dat ek nog paaie kon kruis met Willi en Heloise! Kort daarna is hulle albei oorlede.



So 'n kunswerk sou ek darem graag wou hê!
Perfekte trougeskenk vir 'n kleinkind?



Family history, genealogy and quilting during the Slave Trade (1840-1860) and American Civil War (1860-1864)

Engela Spaleck

Use of technology in my searches

Modern technology has opened many doors for the researcher, especially in Family History and Genealogy. Access to the Internet has contracted distances between countries. We can now easily communicate with people and acquire important information for specific research from faraway places. Information from Internet searches has widened the horizons for those interested in their ancestors. It is easy to learn about their way of life and historical facts. My current interests are Genealogy, Family History and quilting. Wondering about the early days of quilting and what people did for a living, I came across some interesting information.

The slave trade

From about 1840 to 1860 the slave-trade flourished in America. The farming industries were not mechanised like today. Anyone who needed manual labour done required slaves to do it. Farmers were the biggest supporters of the trade. They needed many labourers: for planting crops, harvesting cotton fields, tobacco picking and drying and working sugarcane fields. Some slaves were in charge of the stables or did any general work.

The first slaves arrived in 1619, mostly from West Africa. Men as well as women were employed and even children. Households made use of the women for cooking, cleaning and general housework. They all worked and stayed on the farms. Some little girls were misused as nannies for the madam's small children. Madam could be cruel to this young girl who didn't understand the language, let alone had knowledge of childrearing, as she was still only a child herself. Slave women who could sew had to do mending and make clothes for the household. Slave housing was poor, food rations small and many were ill-treated by their masters. Not all were badly treated, but were well looked after. Some were even supplied with working clothes.

In states like Philadelphia, Georgia, Louisiana and Boston, slaves worked in the small towns and on farms. Slaves were sold and bought at auctions at the market squares by cruel slave-traders. Through this practice families became separated forever. A farmer might only be interested in a strong male worker without a family to support. Some might buy the children without the mother or only the mother, depending on the buyer's need and the price. Most slaves did not know their real names, birth date or birthplace. They were not allowed to be literate. If the master found out that a slave could read and write severe punishment would follow. In some cases the master chose a mistress from among his female slaves, with or without his wife's knowledge.

Many slaves became rebellious because of maltreatment. Many tried to escape from the cruel treatment meted out to them and their bad working conditions. Some of the punishments were being caned or whipped across a bare back, whilst tied to a pole. Slave-catchers made profits from catching, beating and returning runaway slaves to the master for a handsome reward. The overseers of the slaves working on the plantations were very strict, and never short on handing out abusive punishments. Such crimes were never submitted to judicial investigations though committed in the presence of slaves – but they were not allowed to testify. Slaves were considered incompetent to testify against a white man who lashed them or even killed them. Slaves were without any legal protection.

Though illiterate, slaves developed their own way of communicating with each other. They used cultural dances, songs and hymns with their own words and phrases that conveyed meanings and messages not understood by their owners. Through practising their religious beliefs, they developed strong bonds with one another.

Assisting escapees

During that time the Abolitionists were people who campaigned against slave-trading. They helped slaves to escape by providing temporary safe hiding places, food and clothing. They helped the fugitives reach safer areas, supplying them with transport and passes, disguising them as travellers. Runaway slaves suffered many hardships along their escape routes. They could travel safely through Pennsylvania to the slave-free country, Canada. The Abolitionists

lived a secret life and even their best friends, families and neighbours did not always realise what was happening unless they were also supporters. Many Abolitionist families were torn apart, separated by their individual beliefs about humanity and their political opinions. There were constant fights between the Abolitionist movement and those who stood for slavery.

The Underground Railroad

It was not really a railway at all, but a movement helping enslaved people to escape from the South to freedom in the North before the American Civil War. It consisted of a series of routes and safe places, arranged by a secret organisation. Laws of the time made it a crime to help a slave escape.


Tunnels were dug to underground cellars, purpose-built for hiding the runaways. Concealed doors kept the Slave Hunters at bay searching for escapees. Slaves were supplied with food and clothing for the secret journey to Canada. Some slaves who stayed in hiding for a long time were even taught to read and write and sew or any other job. Such education prepared them for a new life.

The Underground Railroad used codes to keep their activities secret. A 'Conductor' was a person who helped guide those escaping. A 'Stationmaster' hid escaping slaves at a 'Depot' or safe house. One escape route led to Canada over Lake Ontario to Toronto from Pennsylvania. Slaves could cross the St Lawrence River by boats that waited for them in the harbour, and they were taken to Montreal from Philadelphia or even as far away as Baltimore, Virginia.


The quilts during slavery

Women came together to sew quilts. Sometimes they would design the quilt blocks to include secret codes, beacons and signs. These could also be embroidered onto the quilts. They were hung out to air on fences and trees for the fugitives to see and act accordingly. An uninformed passer-by would not notice anything suspicious. Some quilts were smaller and hung out on barns as messages indicating a safe place.


A few examples of such codes:




▲ Patterns with a cross warned the slaves to be on the lookout at crossroads and take the right path.




A bow tie told a runaway to wear decent clothes and not tatters so that slave-catchers would not be alerted ▼



▲ The North Star indicated the direction of traffic on the Underground Railroad.



Tumbling blocks was a symbol indicating it was time for slaves to pack up and go, that a Conductor was in the area ▼



▲ A flying geese pattern was a guide to find water, food and places to rest.

A ship design meant that there was a ship waiting in the harbour. The Drunkard's Path pattern warned not to follow a straight road.

Some notable people who helped:

1. Rev. John Rankin who, over time, hid over two thousand escaping slaves in his Ohio home.
2. William Still was called 'Father of the Underground Railroad'. He was born a free man in New Jersey. He also helped the slaves.
3. Harriet Tubman, a former slave, was the most famous Conductor on the Railroad. She was called Moses of the Movement. She made 13 trips to the South to help others to freedom.

The American Civil War

Slavery as a cause of the Civil War

The Fugitive Slave Law stated that people who lived in the free states had to capture and return any runaway slaves to their owners. Some Northerners obeyed the law, but many Abolitionists who did not like the slavery continued to

help slaves escape to freedom. This longstanding clash over slavery was one of the factors that drove the American Civil War, which broke out in April 1861. Confederates attacked Fort Sumter in South Carolina, shortly after President Abraham Lincoln was inaugurated. The Nationalists of the Union proclaimed loyalty to the U.S. Constitution. They faced secessionists of the Confederate States of America, who advocated for a state's right to expand slavery. The Southern economy and military effort depended on slave labour. Jefferson Davis was persuaded to support plans for arming slaves to avoid military defeat.

The American Civil War was fought in the United States from April 12, 1861 to May 9, 1865. It lasted 4 Years, 3 weeks and 6 days. Slavery was abolished after the war. However one interprets it, the Civil War tells a story of great heroism, sacrifice, triumph and tragedy. Many lives were lost and families torn apart because their members took sides during the war. Many negative effects are still felt today. With a positive attitude the country is now a better place. In spite of the war people emerged and grew in developing new ideas but some people still live in poverty.

Quilts during the Civil War

Quilts were made from scrap materials and sent to the soldiers during the war. People coped and learned to do without many necessities. Feed-sack suppliers designed their materials to be used and made into clothing. Leftover scraps of fabric were exchanged among seamstresses for variety. Scraps were made into useful quilts. Replicas of the designs used in those days are redesigned and printed. Quilt makers today have a vast choice of designs and materials. Barbara Brackman is a Historian, writer, cloth designer and quilter. Her work has Copyright Protection.

Conclusion

Historians, writers, researchers and genealogists did not at first believe that the secret codes of the escaping slaves on their journey to freedom ever existed. Everything about escapes and other sensitive information were kept secret among family members. Masters' children by their slaves and mistresses, other unlawful incidents and practices were hidden for a long time. Stories told were seldom written down, but passed on to descendants orally. People were not always literate in those days. The truth was told in some instances but veiled to soften the harshness of life and sufferings. Some stories told were left to the imagination and cases of bravery were told with more feeling.

Handmade articles are still popular today, but Quilters and crafters appreciate the development made during modern times that enable a person to finish articles more quickly.

References

1. Narrative of the life of Frederick Douglass. Massachusetts. 1845. Xist Publishing. ISBN 978-1-62395-829-9
2. The Lost Quilter. Jennifer Chiaverini. Simon & Schuster Paperbacks. 2002. ISBN 978-0-7432-2226-6
3. The Runaway Quilt. Jennifer Chiaverini. The American Civil War.
4. www.nationalgeographic.com/features/99/railroad
5. Wikipedia.org/wiki/American_Civil_War.
6. American history si. Edu pres era.
7. APA Harvard references academic writing
8. History.com
9. [Americanhistory.si.edu>pres_era](http://Americanhistory.si.edu/pres_era)



In 'n vorige storie (*Die Liefde van my Lewe* - Storiewa Uitgawe 4) het ek vertel hoe ek my vriend Adriaan Eksteen en sy latere vrou, Ansie Barnard, ontmoet het. Deur hulle twee het ek ook my eie vrou, Linda, ontmoet.

Adriaan en Ansie se verhouding was al in 'n gevorderde stadium toe ek en Linda begin uitgaan het. Nadat Adriaan in April 1967 teruggekeer het na die siviele lewe, het hy en Ansie besluit om op 30 Desember 1967 in die huwelik te tree. As hul goeie vriende, is ons gevra om as strooijonker en strooimeisie by hul huwelik op te tree. Ietwat van 'n probleem was die feit dat die huwelik in die Gobabis-distrik in die destydse Suid-Wes-Afrika voltrek sou word. Met tipiese voortvarendheid van die jeug het ek en Linda ingestem om die reis daarheen aan te pak, min wetende wat op ons sou wag.

As ek vandag teruggink aan daardie reis kan ek nie glo dat ons dit met so min beplanning gedoen het nie! Ek het nie die vaagste benul gehad hoe ver dit soontoe is nie en glad nie 'n beraming van die kostes gemaak nie. Al wat ek geweet het is dat ek 'n hele R200, my jaarlikse bonus, in my sak gehad het en 'n 1957 model Morris Cowley om mee te ry. Om ons op die reis geselsskap te hou het ons twee tieners saamgeneem: my jonger broer Sarel, (net klaar met standerd 9 – vandag se graad 11) en Linda se jonger suster, Amanda, (net klaar met standerd 8 – graad 10).

Linda se ma het mense geken wat op Prieska gewoon het. Sy het met hulle gereël dat ons die eerste aand van ons reis by hulle oorslaap. Vroeg op Oukersdag is ons uit Pretoria weg. Laat die middag het ons by die onbekende, maar baie vriendelike, mense aangekom. Seker omdat dit Oukersdag was, was hulle in vrolike luim en is ons iets sterks aangebied om te drink. Hier het ek vir die eerste keer in my lewe met likeur, nogal perskelikeur, kennis gemaak. 'n Baie sterk drankie as jy dit nog nooit voorheen gedrink het nie...! En die twee jongstes het saam gedrink!

Vroeg op Kersdag het ons die pad na Upington aangepak. Teen die middel van die dag het ons die Augrabieswaterval bewonder met sy stroom water wat na benede stort. Dit was snikheet en die sweet het ons afgetap, maar ons het gesien wat ons wou sien! Anderkant die grens tussen die Republiek en Suid-Wes-Afrika by Ariamsvlei word die pad grondpad. Teen die tyd dat ons tussen Karasburg en Keetmanshoop gery het, was dit al skerk skemer en die pad maar rof. By Keetmanshoop word die pad genadiglik weer teeroppervlak. Toe was dit meer draaglik om die volgende lang ent na Marienthal aan te pak.

Hier rondom middernag op Kersdag, het ons op Marienthal aangekom. Die hotel op die dorp was al gesluit, maar ons het die hotelpersoneel opgeklop omdat ons baie graag ordentlike slaapplek wou hê. Ek het twee kamers gehuur; een vir my en Sarel en 'n tweede vir die sisters. Elk van die kamers het drie enkelbeddens gehad. Ons kon lekker gaan bad voordat ons bedtoe is. Na 'n rukkie was daar 'n klop aan ons kamerdeur. Toe ek die deur oopmaak, staan die twee sisters daar. 'Kan ons hier by julle kom slaap? Daar is sulke snaakse geluide in ons kamer en ons is te bang om daar te slaap. Ons sal op een bed slaap. Asseblief.' Hoe kon ons dié noodkreet verontagsaam? Die res van die nag het sonder enige verdere voorvalle verloop. Ek en Sarel het elkeen lekker op eie bed geslaap met Linda en Amanda saam op die ander enkelbed. Daar was die volgende dag geen klagtes oor die saamslaap op die enkelbed nie.

Na ontbyt op die derde dag van ons reis, het ons in die pad geval na Windhoek en vandaar na Gobabis. Dit was steeds teerpad tot by die lughawe so 20 myl (32 kilometer) buite Windhoek. Vandaar moes ons die afskuwelikste grondpad aandurf. My motor het so geskud dat ons tande geklap het.

Na heelwat padvraery en op klein plaaspaadjies ry, het ons laat die Dinsdagmiddag by die plaas op Summerdown aangekom, moeg maar baie bly dat die ryery agter die rug was. My vreugde was egter van korte duur. Net die volgendeoggend moes ek al die pad teruggery Windhoek-toe – sowat 150 myl! Ek en Sarel en Adriaan en sy aanstaande skoonpa (Ansie se stiepfa), Oom Koos Viviers, moes die blomme en glase vir die troue gaan reël. Weer was dit 'n geskud van 'n ander wêreld, maar hierdie keer darem nie so erg nie. Oom Koos se Valiant kon baie vinniger oor die sinkplaatpad jaag as my Morris Cowley. Daardie middag was dit weer dieselfde storie terug.

Donderdag was genadiglik 'n rusdag - amper iets soos 'n Sondag. Geen ernstige geryery nie; net op die plaas gaan rondkyk.

Ek en Sarel was mos die vorige Woensdag al die pad saam en is die plekke gewys waar ons die glase en blomme moes gaan haal, dus was dit geen probleem toe ek en hy die Vrydagoggend wéér terug Windhoek toe is nie. Op pad daarheen het my motor so geskud dat 'n onderdeel van die lugfilter gebreek het en ek dit op Windhoek moes laat vervang. Dit was 'n onverwagse uitgawe op my beskikbare fondse! Nietemin, nadat die motor herstel is, het ons die nodige items opgelaai en weer die pad terug aangepak.



Die Saterdagmiddag was dit so warm dat die kraie wou gaap, maar die huweliksbevestiging moes voortgaan. Terwyl ons voor die kansel gestaan het, het die sweet in 'n straaltjie langs my slape afgeloop - en dit was beslis nie weens senuagtigheid nie.

Die res van die middag en aand het ons lekker bruilof gehou. Sondagoggend het ons in die pad geval, terug huistoe. Ons het koeldrank en eetgoed vir padkos gekry. So halfpad Windhoek toe het ons van die pad afgetrek en onder 'n boom geëet en gedrink. By Windhoek se lughawe het ons besluit om af te draai en te gaan loer hoe dit daar lyk - vir ons was lughawens toe nog iets snaaks. Met die uitklimslag sê Amanda: 'Ek sien nie my een sandaal nie!'

'O,' sê Sarel. 'Ek het hom daar langs die pad by die boom waar ons stilgehou het, uit die kar gesit.' Nou wat nou! Amanda kon nie met één sandaal klaarkom nie. Die enigste uitweg was om die sowat 75 myl terug te ry en die sandaal te gaan soek. En jou werklikwaar, toe ons by die boom kom, lê die sandaal daar vir ons en wag. Van die lughawekyky het daar toe niks gekom nie.

Skemeraand het ons by 'n padkafee langs 'n motel in Windhoek stilgehou om iets vir aandete te koop. Terwyl ons so gesit en wag het vir ons bestelling, het daar 'n man verbygeloop wat ek gedink het ek ken. Toe hy weer verbyloop, het ek hom gevra of hy die persoon is wat ek vermoed hy is. Sy verbasing was baie groot toe hy my ook herken. So met ons geselsery wou hy weet waarheen ons op pad was en waar ons gaan slaap. 'Ons sal maar in die motor slaap,' was my antwoord. Skielik is hy daar weg en na 'n kort rukkie was hy terug. 'Ek het vir julle twee kamers in die motel beskikbaar waar julle kan slaap. Ek is die bestuurder daar en dit sal julle net R5 kos.' Wat 'n heerlike verrassing was dit nie so op die oujaarsdag nie!

Na 'n heerlike nagrus het ons die volgende oggend na ontbyt weer in die pad geval. By Marienthal het ons van die grootpad afgedraai omdat ons na die Hardapdam wou gaan kyk.

Nou moet ek sê dat ek sedert ons vertrek uit Pretoria algaande agtergekom het dat my motor elke keer, wanneer ek die sleutel gedraai het, langer en langer neem om aan te skakel. In 'n vroeëre gesprek met Adriaan se swaer Tien ('n verkorting van Martiens?) oor die situasie, was sy mening dat die battery dalk met die baie ryery besig was om te oorlaai. Ek moet dalk met my ligte aan ry. Ek het duidelik maar min geweet van hoe 'n motor werk, want toe maak ek maar soos hy gesê het. Die situasie het egter algaande versleg. By die Hardapdam het ek teen 'n effense afdraende stilgehou. Indien ek 'n probleem sou ondervind om die enjin aangeskakel te kry, kon ek die motor mos sekerlik aan die gang kry. Ek kon hom teen die afdraende laat loop, sonder dat dit vir ons nodig sou wees om te stoot.

Toe ons so middel agtermiddag by die vulstasie op Keetmanshoop stilhou vir brandstof, was Adriaan se ouers, Oom Hennie en Tannie Hannie, sy suster Judi en haar man Tien met hul karavaan ook daar. Ons het afgespreek dat ons almal saam in die karavaanpark sou oornag. Soos ons van plan was om te doen, wou hul ook na die Visrivierrivyn gaan kyk.

Later die agtermiddag was ons jonges egter van mening dat dit nog te vroeg was om tot ruste te kom en het ons weer in die pad geval na die ravyn. Net toe ons van die hoofpad (weer 'n grondpad - daardie jare was daar maar min teerpaie in Suid-Wes-Afrika) afdraai na die uitkykpunt, raak ons met 'n pap motorband gestrand. Ons moes al die

tasse en ander bagasie uit die bagasiebak laai om by die noodwiel uit te kom. Nadat ons alles in die pad neergesit het en ek die wiel omgeruil het, het ek net die gevoel gekry dat ek dalk die motor moet probeer aanskakel voordat ons die bagasie teruglaai.

Wat 'n teleurstelling! Die aansitter wou nie eers die enjin draai nie, wat nog laat vat. Enigste uitweg was dat ons vier maar moes stoot om te kyk of ons die motor aan die gang kon kry. Gelukkig was dit 'n redelik gelyk stuk pad met slegs fyn gruis op die oppervlak. Sodra die motor effens op spoed gekom het, het ek ingespring en die motor in eerste rat geplaas en die koppelaar gelos met die hoop dat die wiele die enjin sou laat ontbrand. Maar nee, niks van dié klas van dinge het gebeur nie. Die wiele het doodeenvoudig botstil gaan staan en op die ligte gruis gegly. Weer en weer. Weer... en weer... en weer.

Toe ons later omkyk staan die tasse doer ver agter ons in die pad. Stadig het ons toe maar die motor teruggestoot tasse toe, alles weer ingelaai en in die motor gaan sit en wag vir hulp wat dalk kon opdaag. Vandag wonder ons hoekom ons die motor bagasie-toe gestoot het? Dit sou makliker gewees het om die bagasie te gaan haal!

Nadat dit al donker was, seker so teen nege uur se kant, het 'n vragmotor skielik opgedaag met 'n paar manne op die bak. 'Wat is fout?' wou hulle weet. 'My motor wil nie vat nie. Die battery is pap. Wanneer ons hom stoot, gly die wiele net op die gruis.' 'Dis nie 'n probleem nie. Ons sleep hom gou met die vragmotor aan die brand,' belowe die bestuurder. 'n Tou het te voorskyn gekom, gou tussen my motor en die vragmotor vasgemaak, en ons vier het vinnig in die motor geklim. Na net 'n klein entjie se sleep, ontbrand my motor se enjin gelukkig! Die vrugde was egter van korte duur, want toe ek die lichte aanskakel vrek die enjin onmiddellik weer. Na nog 'n probeerslag met dieselfde resultaat het ons die saak gewonne gegee.

'Los ons maar hier. Vriende van ons kom môreoggend hierlangs en hulle sal ons seker kan help,' was my mismoedige reaksie.

Die nag het ons maar onrustig in die motor geslaap. Telkens het een uitgeklip om bene te rek. Elke keer wanneer een van die deure oopgemaak is, was dit ál of ek my verbeeld dat die liggie aan die binnekant van die motor helderder brand, maar ek het nie veel notisie daarvan geneem nie. Teen dagbreek het ons die bossies in die omtrek opgesoek om aan moeder natuur se versoek te voldoen. Net vir die wis en die onwis het ek besluit om te probeer om die motor aan te skakel. Toe die motor vat, het die ander drie blitzsnel uit die bosse te voorskyn gekom, in die motor gespring en was ons weer op pad. Maar net vir 'n myl of drie. Halfpad teen 'n opdraand het die motor net weer uitgesny en tot stilstand gekom.

Terwyl verbygangers hulp wou verleen en ek besig was om te verduidelik het wat ek meen die probleem is, het oom Hennie en Tien teen die bult aangestap gekom. Tien het voorgestel dat ons my motor se battery met sy motor s'n vervang om te sien of dit die probleem sou oplos. Dit het.

Wat nou? Lewers moes ek 'n nuwe motorbattery koop. Maar waar in hierdie verlate wêreld, waar dorpe letterlik honderde myle uitmekaar geleë is? Ons was op daardie stadium nie meer te ver van die ravyn se uitkykpunt nie. Die agt van ons is gou tussen die twee werkende motors verdeel nadat die karavaan eers ontkoppel is. By die uitkykpunt aangekom het ons 'n man van die omgewing raakgeloop en gevra waar ons 'n winkel kan kry wat moontlik 'n battery sou hê. Hy beduie ons toe die pad terug na 'n afdraaipad en vertel ons as ons met daardie pad langs ry sal ons die winkel ná sowat vyf myl kry.

Ons los die vier vrouens by die karavaan langs die pad, en ons vier manne gaan soek die winkel. Vyf myl na die afdraai was daar egter geen teken van 'n winkel nie. Ook nie na tien myl, óf vyftien, óf twintig, óf selfs dertig myl nie! Ons het net begin mismoedig raak toe ons uiteindelik, na ongeveer 35 myl, die winkel bereik. My blydskap was baie groot toe ek die enigste battery in die winkel kon koop! En hy het boonop op my motor gepas! Hierdie aankoop het nog 'n groter gat in my fondse gemaak. Die vlak het nou gevaarlik laag begin daal.

Terug by my motor is die nuwe battery gou gekoppel en was ons weer reisvaardig. Ons het die Samaritane by hul karavaan gelos en die pad gevat wat ons so gou as moontlik na Karasburg sou vat, sodat die fout in my motor gesoek kon word. Maar vyf minute na een het ons voor 'n doodstil motorwerkswinkel, die enigste op die dorp, aangekom.

Om die waarheid te sê, ons het geen beweging in die hele dorpie bespeur nie! Die enigste uitweg was om maar te wag totdat die werkswinkel om 2-uur weer sou oopmaak – so het ons geglo.

Langs die werkswinkel was 'n woonhuis waar ons onder 'n boom op die sypaadjie in die motor gesit en wag het. In die tuin was 'n tuinslang waaruit water stadig op die grasperk uitgeloop het. Ons drinkwater was op en om na die water te kyk wat uit die tuinslang loop, het ons net nog dorser gemaak. Ons was egter te versigtig om van die water te gaan drink totdat die dors ons daartoe gedwing het.

Ga! Mens kon dit nie drink nie! Dit was brak! Dus moes ons maar weer die dors trotseer en wag...

Uiteindelik teen 3-uur was daar weer lewe by die besigheid. Die motorwerktuigmonge het gou die probleem opgespoor. Die dinamo het nie die battery gelaaie nie. Van die onderdele was gedaan, maar die werktuigmonge sou plan maak om dit te herstel. Intussen is die pap band herstel en het ons Samaritane by ons aangekom. Hul sou in die karavaanpark in Upington oornag en ons moes later daar by hul aansluit. Hulle is toe verder terwyl ons wag dat die werk aan die motor klaarkom. Kort voor 5-uur was alles weer in werkende toestand en kon ons die sowat 180 myl na Upington aanpak.

Maar o wee! Skaars was ons uit Karasburg toe ons wéér 'n papband op die allerverskriklikste stuk grondpad opdoen. Hierdie keer kon ons nie weer die band laat herstel nie. Dit was alreeds na 5-uur, en die band het 'n yslike sny in gehad! Al genade was om maar sonder 'n noodwiel aan te ry. Laat die aand het ons ons vriende in die karavaanpark opgespoor. Op 'n groterige mat wat hul ons geleen het, het ons die nag onder die sterrehemel geslaap. Die volgende dag het oom Hennie my R10 geleen, net vir ingeval ek dit dalk nodig sou kry op ons pad terug na Pretoria.

Ons het intussen uitgevind dat dit 'n baie groot draai is om vanaf Upington via Prieska na Pretoria te ry. Ons het dus besluit om 'kortpad' na Kimberley te neem via Douglas.

Ons vierde reisdag het sonder enige verdere noemenswaardige gebeure verloop. Daar was egter wel 'n misterieuze motorwieldop wat van érens op die sinkplaatpad tussen Upington en Douglas by ons verbygrol het. Nadat ek stilgehou het om hierdie rollende wieldop op te tel het ek uitgevind dat dit een van ons eie agterwiele se wieldop is. Hy het weens die skudding op die pad afgespring en is by ons verby!

Laat die agtermiddag het ons sonder enige verdere voorvalle by die huis aangekom. Dit was gelukkig toe nie nodig om oom Hennie se R10 te gebruik nie!

Wat ons op die reis opgeval het was dat alhoewel Suid-Wes-Afrika op daardie stadium nog bekend was vir sy Karakoelskape, ons nie één langs die pad gesien het nie. Dit was net kale vlaktes en klipperige heuwels. Geen gras nie. 'n Aantal jare later toe ek per trein na die noordelike grens van Suid-Wes-Afrika vir grensdiens was, was dit 'n heel ander prentjie. Toe het die gras heuphoogte gestaan.



Ongelukkig kon ons nie van die ander wonders van Suid-Wes sien nie. Die besonderse rotstoring daar naby Keetmanshoop het 'n aantal jare later omgeval. Ons het ook nie die kokerboomwoud gesien nie. Hierdie reis was voorwaar 'n ondervinding wat ek sekerlik nie maklik sal vergeet nie!

Na al hierdie jare, die 'ontberinge ten spyte', is ons en die Eksteens steeds baie goeie vriende.



Don't you love this scrapbooked family tree?



Every life deserves telling... - Alison Light
Erna Buber-de Villiers

Toe ek 'n paar jaar gelede my oupa se verlate sendingstasie op die plaas Putfontein tussen Lichtenburg en Ventersdorp in die (ou) verre Wes-Transvaal besoek het, het hierdie eensame graf my met deernis vervul. Daar's 'n sterk kontras tussen die sagwit marmer met fyngekerfde ronde, vroulike lettertipe en die harde, dorre, leë landskap... 'n kontras wat 'n storie van ontbering vertel, van ontworteling. Die man wat hierdie grafsteen vir sy vrou gekies het, en die Bybelvers uitgesoek het, was my oupa, en die graf behoort aan sy eerste vrou.

Hier
rus in God
Martha Luise Schnell
* 20 Maart 1866 - † 10 Maart 1920
2 Cor 12:9.
Tot
weder-
siens.

Die Bybelversie wat haar man vir haar gekies het:
"My genade is vir jou genoeg.
My krag kom huis tot volle werking wanneer jy swak is."



Opa Johann Heinrich Gustav SCHNELL is gebore op 16-07-1872 in Gistenbeck, Hannoverischen Wendland, Duitsland. Hy het in 1898 nog amper 'n jaar van sy 6-jarige opleiding by die Bleckmar Sendinggenootskap se kweekskool

oorgehad toe daar dringend 'n sendeling aan die Batloung van Wes-Transvaal benodig is. As die mees belowende kandidaat, of miskien omdat hy die swaer was van die sendeling wat hulp nodig gehad het, is daar besluit om sy finale eksamens met 'n halfjaar te vervroeg sodat hy die pos kon vul. Opa Vati het per stoomskip, die *Greek*, op 22 April 1899 om 12 middag vanaf Hamburg Afrika-toe vertrek en 'n paar maande later by Sendeling Wrogemann se Wes-Transvaalse sendingstasie aangekom.

Opa was verloof aan die suster van een van die lektore aan die kweekskool, ene Wilhelm Lochte, 'n man wat later die genootskap se eerste sendinginspekteur geword het. Martha LOCHTE, Opa se verloofde, was 'n fynopgevoede dame wat as goewernante gewerk het. Daar was geen kans vir trou voor Opa se vertrek nie. Johann sou homself gaan vestig, en sy moes hom die volgende jaar Wes-Transvaal toe volg, waar hulle sou trou. Die storie wat ek as kind vertel is, is dat sy 'n barones was wat deur haar familie onteien is omdat sy hardkoppig agter die boerseun-sendeling Afrika toe is was baie romanties, maar my navorsing kon dit nie staaf nie.

Wilhelm Lochte ►



Op 7 Junie 1900 is Martha Lochte by 'n kerkdiens te Bleckmar amptelik toegewy aan lewenslange diens aan die Batswanavolk as sendelingvrou. Johannes Schroeder is by dieselfde diens ingewy as sendeling aan die Zulu. Hy was die seun van 'n Duitse sendeling in Natal, en is daar gebore. Hy het saam met Opa Johann Schnell gestudeer. Martha en Johannes Schroeder het drie weke later, op 28 June 1900, saam per skip Afrika-toe vertrek, en hul het waarskynlik laat-Julie of vroeg in Augustus 1900 in Durban aangekom.




Johannes Schnell voor links, en agter hom Johannes Schroeder.

Opa se swaer, Sendeling Wrogemann wat met Opa se suster Auguste getroud is, staan agter regs.

In Suid-Afrika aangekom, het Martha oor en oor probeer om by haar verloofde uit te kom, maar omdat die Boereoorlog gewoed het kon sy nooit verder wes as Glencoe kom nie. Intussen is Johann Schnell deur die Britse magte gevange geneem omdat hy 'n Duitse burger was. Die Britte was seker bang dat enige Duitser met die Duitswes-Duitsers sou heul. Johann Schnell is in die konsentrasiekamp te Potchefstroom geïnterneer.

In Natal, naby Port Shepstone, was daar 'n Duitse boer wat betrokke was by die Hermannsburg sendinggemeenskap. Hy het in die Alfredia distrik geboer op die plaas Friedewald (Vredewoud). Meneer Bunge het met die Britse gesag onderhandel om Schnell toe te laat om sy internering op Friedewald uit te dien. Hy mag nie gedurende die oorlog die plaas verlaat het nie, maar darem is Martha en Johann uiteindelik herenig. Hulle is op 30 Julie 1901 daar op Friedewald getroud, 'n jaar en twee dae nadat Martha Duitsland verlaat het.



Martha Lochte is die tweede vrou van regs. 'n Brose dingetjie. Ek dink dis seker die huweliksviering, en miskien het sommer drie van die jong sendelinge daardie dag getrou. Die onvergenoegde jong man heel links, met gevoude arms en 'n foto op 'n stoel voor hom, se bruid het dalk nog nie uit Duitsland opgedaag nie?

(John)
P.U.Secy.

DUPLICATE ORIGINAL REGISTER.

6.8.01.

1901... Marriage solemnised at Friedewald , in the County or Division of Alfredia , Colony of Natal, 1901.

No.	When Married.	Names and Surnames.	Age.	Condition.	Rank or Profession.	Residence at time of Marriage.	After Banns or License.	Consent by whom given, or Judge's Order.
13.	July 30 th 01.	Johannes Heinrich Gustav Schnell Martha Louise Lochte	full aged	Single or Spinster	Missionary Governess	Friedewald	after Banns	by own consent

Married in same house in Friedewald aforesaid by me.

This Marriage was solemnised between us } Johannes Heinrich Gustav Schnell } In the presence of } J. Lehmann. } R. Martin. Joh. Schroeder

Examined with the Original Register by me and found to be correct. Joh. Schroeder.
1013

Dit was nog 'n hele jaar en 'n paar maande wat die pasgetroudes op Friedewald moes bly. 'n Wonderlike wittebrood tussen die sage groen heuwels van die KwaZulu Suidkus voordat die klein, tingerige, kunssinnige vroutjie die vreemde lewe van ontbering in die dorre Wes-Transvaalse vlaktes moes aandurf.

Hierdie erfstuk is in my besit. Die pragtige pirografie is Martha se handwerk.



Ek wonder of Opa ooit hierdie vers in sy Bybel raakgelees het:

Deuteronomy 24:5

If a man has recently married, he must not be sent to war or have any other [public/official] duty [responsibility] laid on him. For one year he is to be free to stay at home and bring happiness to the wife he has married.

Ek dink nie hy het nie. Ek dink nie dat hy dit op homself toegepas het nie. Hy was angstig om by sy gekose lewenstaak uit te kom, en gefrustreerd dat hy op Friedewald moes 'sit en niksdoen', soos hy dit gestel het.

Toe die oorlog verby is, is Opa en Martha sendingstasie-toe. Opa het weer aan 'n blyplek op Vogelstruisknop begin werk. Die Schnells se woning was eintlik maar 'n gat in die grond, met lae soomure en 'n paar sinkplate vir 'n dak.

Ek het op 'n gedeelte van 'n brief afgekom wat Opa op 23 Mei 1949 geskryf het (ek vertaal hier uit Duits):

“...wanneer ek teruggdink, was die buitengewoon moeilike jare van my eerste ruk in Afrika, toe ek dikwils geen dak oor my kop gehad het nie, tog die mooiste tyd. Ek moes regtig leer om met die swart mense saam te voel en te lewe. Toe die Boere-oorlog in Oktober 1899 uitbreek, het ek net, met groot moeite, my huis op Vogelstruisknop begin bou. Etlike maande later word ek as krygsgevangene weggevoer en kon eers na meer as 'n jaar terugkeer. Ek het my jong vrou saamgebring. Die huis wat ek gebou het om haar te ontvang was afgebreek. Ons het toe óf in die skoolgebou, óf in die kerkgebou agter die altaar, op 'n matras op die vloer geslaap. Ons het by swart gemeenteledere geëet en bedags so veel tyd as moontlik daaraan afgestaan om 'n eie dak oor ons koppe te kry. Hierdie keer was dit baie moeiliker as toe ek die eerste huis gebou het, omdat alles met die hand vervaardig en bymekaargemaak moes word. Na die oorlog was daar niks oor om te koop nie. Met hulp van God het ons drie klein kamertjies aanmekaargesit om in te woon.

In 1903 het die Batloung die plaas Putfontein aangekoop, wat hulle 'Botshabelo' (Toevlug) genoem het. Ons moes saam soontoe, en al was daar nog geen woonplek vir ons voorberei nie, het ons maar dadelik getrek omdat daar

groot waterlood op Vogelstruisknop was. Ons eerste oordak was nie 'n huis te noem nie, dit was 'n grashut. My vrou moes buite in die stof en wind, in sonskyn en reën, oor 'n oop vuur kook. As ek vandag oor al hierdie sake van daardie noodtyd nadink, en veral oor hoe my vrou, 'n stadsmeisie, in alles geduldig en sonder klagtes my gehelp het, dan weet ek nie wat om te sê nie. Ek was dalk destyds te besig om veel daaroor na te dink, of miskien het ek gemeen dit moet nou maar so wees vir 'n sendelinggesin. Na baie jare het my vrou my..."

en net daar hou die brief op! Frustrerend! Wat sou Martha aan Johann gesê het?

Hier is 'n paar uittreksels uit '*Tlou! Tlou! The Elephant Singers of Botshabelo*':

Now the Moruti also moved to Botshabelo. The Batloung had already built a village along the Monamaladi river, that flowed right through Putfontein Farm. Moruti Schnell chose a pretty place close by, on the banks of the Melorane, a little branch of the Monamaladi. Barely a hundred paces from the Batloung village there were some old walls, the ruin of what used to be a shed. Moruti Schnell repaired the walls, and roofed the structure with corrugated iron. The first manse at the Botshabelo mission station was incredibly primitive. There was room for nothing more than a table and a bed, and most of Mma-Moruti's goods had to remain outside. Her stove stood in front of the door. She could cook a meal if it wasn't raining. She often wanted to cry when the wind blew dust and dirt into the food, and if it rained, she could not cook at all. But after not too long, the Moruti had added three small rooms to the shed, so they had a little more living space, and a roof over Mma-Moruti's stove. She planted a garden with flowers and vegetables. The beautiful riverbank framed by weeping willows was close by, and it was not too hard for her to haul water home.

For months all Moruti Schnell's energies had gone into securing Botshabelo for the Batloung. Once that was settled, the piece of land that belonged to the church had to be measured out and fenced off. The missionary was very disappointed to learn that the previous owner had been very inaccurate in registering the boundaries of the farm. The boundary reached nowhere near where the missionary thought it did, but actually ran through the middle of his house! It seemed as if he'd never have any rest, for now his house had to be broken down again.

The Moruti requested a piece of land at the western edge of the farm on the banks of the Monamaladi River. Once the surveyor had done his job, Moruti Schnell could hope that he'd not have to move again. He set about building a large, comfortable manse. Mma-Moruti was delighted as she saw the walls rising. She had never once complained, knowing that circumstances were as they were, and that her husband's priority was the work to which he had been called. His service to the community and the church took all his energy and time. How overjoyed she was when her lovely house was ready, and she could move in! Zealously she set about establishing a big garden. Soon her garden was filled with fruit trees: peaches, figs, apricots, mulberries, apples, pears, plums and grapes. Flowers glowed from afar, vegetables flourished. The Batloung women learnt a lot from her.

Behind the house she built herself a Lelapa, a courtyard surrounded by a low wall. Every Batswana home had one. The girls of the confirmation school helped her apply a mixture of lime and cow-dung to the floor. Now she had a place where the women could come to see her at any time, for advice and medicine.

Shortly after Christmas 1906 the church members started preparations for the building of their church. All non-specialist labour was carried out by the men of the community. Food was supplied for them, cooked by the women in Mma-Moruti's courtyard.

It took a long time to finish off the church interior. The high walls of the roomy nave had to be plastered, the ceiling vault set. Painting these vast surfaces was a big job, which Mma-Moruti oversaw. Behind the altar, on the wall, she designed and painted two symbols with gold lettering below them: on the left, a grapevine and the words "I am the Vine"; on the right an ear of wheat and "I am the Bread of Life."

Stadig maar seker het dit met die sendelingpaar beter gegaan. Die Botshabelo sendingstasie op die plaas Putfontein het floreer. Die groot hartseer in Martha se lewe was, dink ek, dat sy kinderloos gebly het. Dalk was dit omdat sy al 35 jaar oud was toe sy getrou het. Die Batloung het 'n oplossing vir die situasie gehad. Hier vertel Rra Mokone:

I grew up in Botshabelo, but my upbringing was very different from that of the other children of my people. I was given as a gift to Missionary Schnell. It is an old custom among my people that childless couples are gifted with children. And so I came to live with Missionary Schnell, together with another little boy. We were brought up in his house. We slept in the bedroom, and ate at the table. I learnt to speak, read and write German. That which I have become by the grace of God I ascribe to the excellent upbringing I received from my Father and Mother Schnell.

The other little boy given to the Schnell couple was Pietman Shole, youngest son of the Batloung King, Abraham Shole.

I remember the first Christmas Eve after we'd been given to the Schnells. The congregation gathered in the church to see the Christmas tree, and for the Christmas service. After that, our parents and the church leaders went to the mission house to see the family's Christmas tree. Mrs Schnell, Pietman and I stood next to the tree and sang *Oh Christmas Tree*. The tree was beautifully decorated. It was the first time we'd seen such decorations. There were little gold and silver pictures. There were gorgeous little angels, and we wished that we could be angels proclaiming the birth of Christ. There were sweets and cookies on the tree. It truly was the loveliest of trees! The second song Mrs Schnell had taught us to sing was *Silent Night, Holy Night*.

Then we all sang another German Christmas carol together: *O du fröhliche, o du selige, gnadenbringende Weinachtszeit*. Our parents went to their homes, and we stayed at ours. That first Christmas Eve had come to an end. It had made an indelible impression on us. When Pietman and I met in Johannesburg after having been apart for twenty-five years, he asked me about that night. We both shed some tears, of sadness and of joy.

Translated from *Vater Mokone erzählt*, first published in 1960 by the Evangelical-Lutheran Free Church Mission Bleckmar über Soltau (Hannover)

Die Schnells het ook twee blanke kinders aangeneem, 'n dogter en 'n seun. 'n Uittreksel uit 'n gesamentlike testament wat hulle op 29 Desember 1917 onderteken het, het uiteindelik die name van daardie twee kinders aan my bekendgemaak:

Met die wens van Eerstervende van ons Testateuren dat
Langstlevende mits dat zekere hiernavermelde aangenomen
kinderen onzer huweliken aangaan met Langstlevendes
consent eventueellijk bij Testament redelyke voorziening
zal maken voor Mabel Irene Bovill en Harold Nathaniel
Bovill doch het wordé wel verstaan dat het uiten van deze
wensch geen verplichting hoegenaand daarstellen zal.

Harold Nathaniel Bovill en Mabel Irene Bovill: hulle was dus broer en suster. Martha Lochte is net meer as twee jaar later oorlede. Mabel Irene se huwelik is toe *nie* deur haar aangename pa goedgekeur nie. Die storie wat my ma vertel het, is dat sy met 'n Katolieke man getrou het, en op sy sterfbed het sy hom belowe om 'n non te word. Sy het die belofte gehou, en vir my stoere Lutherse Opa was sy toe 'dood' – haar naam mag nie weer genoem word nie. Sy het egter in die geheim kontak behou met Opa se tweede vrou, my Oma Erna, en toe my ma trou, het sy 'n geskenkie gestuur: 'n pragtige sakdoekie met 'n handgemaakte kant insetsel van 'n vlinder in een hoek. Was daar al vóór Martha se dood sprake van 'n ongewenste verhouding tussen Irene en die Katolieke man? Het Opa en Martha daaroor verskil, en daarom die versigtige bewoording in die testament?

Langs Martha se graf op Putfontein, is daar nog 'n klein graffie.



Wie was Hanna Schnell? Martha was 47 toe hierdie twee-en-'n-halfjarige dogtertjie dood is. Was die verlies van 'n enigste eie kind die laaste strooi wat Martha se moed geknak het?

Martha is dood op 10 Maart 1920, en veertien maande later, op 19 Mei 1921, trou Opa met my Oma Erna. Sy was 'n jong vrou van 24, en het dadelik swanger geraak. Hul eerste uit 8 kinders was my ma. Sy is Martha gedoop, vernoem na Opa se moedige klein eerste vrouwtjie.

Miskien is dit omdat my ma haar naam gedra het, of miskien is dit daardie eensame graf wat dit vir my so belangrik maak om haar herinnering te eer. Martha Lochte het niemand anders om haar te onthou nie.



Toe my peettante oorlede is, het ek 'n enorme tafeldoek geërf. Dis duidelik baie oud, en lelik gevlek en plek-plek stukkend of gestop. Dit bestaan uit breë stroke handgeweefde linne wat in die lengte aanmekaargesit is deur middel van 'n strook gehekelde kant. Die hele tafeldoek is baie mooi omgehekel met 'n ingewikkeld patroon. Ek het nog altyd geglo die tafeldoek was Martha Lochte s'n, en dat sy dit gemaak het, want my Oma Erna was nou nie huis 'n handwerkster nie. Ek het onlangs begin wonder of Martha daardie lap vir die sendingstasie se kerk se nagmaalstafel vervaardig het?

Ek het die lap vir my skoonsuster, kunstenaar [Willemien de Villiers](#), gegee. Sy maak kunswerke uit ou handwerkstukke, sogenoamde 'women's work'. Sy verstaan baie goed hoe diep my gevoel vir Martha lê, en ek vertrou haar om iets aangrypends uit daardie lap te maak. Hier is van die foto's wat sy solank op Facebook geplaas het, met die byskrif 'First recording of what I call Mail Order Bride. Old, stained and mended tablecloth that was made by my sister-in-law's (great?) grandmother. Trying to honour her story.'





Preserving history, one photo at a time

Germaine Smith

We had a guest speaker, Johan Wolfaardt, visit us earlier this year to discuss the importance of preserving photographs of yesteryear and then again last month a fellow member reiterated that every photo has a story to tell. To preserve the story of the photograph, it must be put onto paper for the future viewer to read. In doing so, we let each photograph tell its story through time.

We find these photographs in shoeboxes, where they were kept along with other memorabilia, and have no idea who the people could possibly be. Sometimes there are a few words about a photograph jotted on the back, perhaps only the names, but usually nothing at all. More often than not the story can only be told by talking to one's extended family. I have made great discoveries in finding living relatives while doing genealogy.

In our 'old shoebox' at home, I discovered a treasure of items and would like to share their story with you.

Uncle John Holder (Maxi's Dad)



My mom's Egyptian cloth



Wartime Christmas card sent by Uncle John to my Oupa Jan van den Berg and Ouma Lettie van den Berg (née Holder)



This black embroidered Egyptian cloth has been in our house for as long as I can remember. It belonged to my mother's mother. My mom told me that one of her mom's brothers gave it to her after he returned from World War II. I later learnt that these cloths were brought back to family members by the soldiers as souvenirs. I never knew who the brother was. Another memento that was saved with the Egyptian cloth was a Christmas card signed 'from John'. To lift the morale in the camps, soldiers were given such cards to send to family back home. Of course I had to share these with Maxi, as the card I had was from her dad! I immediately guessed that our Egyptian cloth must also have been brought back by him.

Photo of Maxi's Egyptian Cloth



Maxi Holder – my Ouma Lettie’s niece – and I have become well acquainted by email after I found her nearly 2 years ago. What a wonderful treasure to find! I share all my genealogy discoveries with her. This was her reply after she received a scan of the Egyptian cloth and the card her dad had sent his sister some 76 years ago:

I immediately recognised his beautiful handwriting. I have a card he sent to Ouma Bettie and Oupa Will. Ah, that cloth from Egypt, I have one as well. Mine has got the three pyramids, two flags with 1941 underneath, and in the middle a big springbok head with a circle that reads ‘Union is Strength, Eendrag maak Mag’ embroidered on it.

Maxi told me that her dad served in the Royal Natal Carbineers. The letters NC can be seen on my Egyptian cloth, thus confirming my suspicions that he was the one who brought the cloth back. What a wonderful story to add to his photograph! They have far more meaning for me now.

Maxi also sent me some of the items from her ‘shoebox’. I’ve added them to the story of the photographs I have of William Arthur Holder (Oupa Will). Below, Maxi’s mementoes that were handed down to her from her dad, John Holder. They come from his dad, William Arthur Holder (Oupa Will) who served in the Medical Corps and date from World War I.

William Arthur Holder (middle)





WWI medal



Cloth Insignia



Dog tags



Tunic Button

And so we add the stories and the mementoes sent to us from family members to the photographs in our own 'shoeboxes'. This is how we build the stories around the people we discover. We might never have known them, but the photographs and objects make them become real to us. Finding one's oldest living relatives is imperative to great genealogy. The tales they can share and their shoebox-memories are what will make the lists of names we write up come alive.

Please note numbering from d1 is unconfirmed as I do not have all the children for Joseph Henry Holder)

William HOLDER *1789 Bristol Somerset England †1855 Harrismith Free State
x Sophia CLARK *1795 † 1830

b7 Joseph Benjamin HOLDER *6 November 1830 Port Alfred (Port Frances), ≈ 11 January 1831, Eastern Cape, South Africa ↗ † 1908
x Maria Margaretha DICKS *1836

c1 Joseph Henry Holder, * Abt 1856, †16 June 1910
x Aletta Catharina Cornelia DE BRUYN

d1 William Arthur HOLDER * 8 Oct 1892, Matatiele, ≈ 12 May 1893, Matatiele, † 1956, Durban, Ω 9 Oct 1956, Stellawood Cemetery Umbilo District Durban
x Elizabeth Anna Helena DU RANDT * 1887, KwaZulu Stormberg District Eastern Cape, † 1968, Durban, Ω 1968, Stellawood Cemetery Umbilo District Durban

e1 Joseph Henry HOLDER * 30 Jul 1913, Mount Fletcher, † 24 Oct 1972, Port Shepstone
x Johanna Maria DE WENNAAR (Born VETTER) * 1911

e2 William Arthur HOLDER * 16 May 1915, † Apr 1981
x Judith Magritga Magdalena WIGGETT * 1918

e3 Theunis John James HOLDER * 8 Nov 1917, Cape Province, † Nov 1976
x Sylvia Johanna VOSLOO * 1924
xx Magdalena Sophia MEYER * 1933 † Oct 2005

f1 Edward John HOLDER * 9 March 1950 x Mary Anne Price * 15 May 1955
f2 Elizabeth Madeline HOLDER (Maxi) * 21 April 1952

e4 Jane Cathleen HOLDER * 14 Mar 1920, Pietermaritzburg, † 28 Feb 1997, Ω 1977 Durban
x Gustaff William LONDIT * Apr 1910, † 17 Dec 1965
xx Neil William Lamont * 1924

e5 Lettie Cathaleen HOLDER* 23 May 1922, † 16 Dec 1994, Ω Morreesburg Cape Province
x Jan Hendrik VAN DEN BERG * 9 Sep 1914, Pinetown Natal, † 25 Oct 1977, Bloemfontein, Orange Free State, South Africa, Ω 1977, Bethlehem, Orange Free State, South Africa

f1 Carol Evelyn VAN DEN BERG * 6 December 1942, Pietermaritzburg, x Bloemfontein, 12 August 1967,
x Arthur Leslie Rosslyn SMITH * 18 August 1942

g1 Craig Lidley SMITH * 27 June 1970
g2 Germaine Lisel Rosslyn SMITH * 15 July 1975

f2 Yvonne Lynette VAN DEN BERG
f3 Joey Hester VAN DEN BERG

e6 Harriet Maria HOLDER * 6 Jul 1924, Cape Province, † 3 Jun 1997, Ω 1997, Durban,
x Christoffel Johannes VAN DEN BERG * 1919, Pietermaritzburg, † 25 Oct 1945

xx Union Neveling * 1910, † 2005

e7 Elizabeth Julia HOLDER * 25 May 1926, † 12 Oct 2007, Krugersdorp

x Muric Ferdinand Ernest MACE-ANDRE * 21 May 1918, † 23 Jun 2003


xx Herbert Harry RIEPER * 4 Dec 1917, † 5 Aug 2002, Stilfontein

e8 Sophia Violet HOLDER * 8 Jul 1928, Durban Natal, † 1 Jun 2012, La Lucia Natal, w 2012, Stellawood Cemetery Umbilo District Durban

^x Frederick Sarel Julius SNYMAN * 26 Dec 1920, † 29 Apr 2006, w 2006, Stellawood Cemetery Umbilo District Durban

e9 Dorothea Maria HOLDER * 23 Apr 1931, † 2012

x Jacobus Stephanus SCHUTTE * 30 Oct 1924, Waterval, Lydenburg, † 7 Nov 1977, Pretoria, ϖ 1977, Rebecca St Crematorium Pretoria



A very pretty family tree. Lovely idea!



My naam is Van der Merwe

Cathy Potgieter (gebore Elsie Cathrine van der Merwe)

Soos ons ouers vir onswoordjies en sinne leer, so leer hulle ook vir ons resitasies, en dan is dit tog so oulik as ons kindertjies hierdie resitasies vir kuermense opsê. Jy is baie trots op jouself as die grootmense so vir jou glimlag. *Muskiete-jag* was een van die eerste resitasies wat ek geleer is, want ek was dan hoeka self 'n Van der Merwe.



Muskiete-jag

*Jou vabond, wag ek sal jou kry
van jou sal net 'n bloedkol bly
hier op my kamermure.
Deur jou vervlakste gonsery,
deur jou gebyt en plaery
kon ek nie slaap vir ure.*



*Mag ek my voorstel, eer ons skei,
eer jy die doodslag van my kry -
my naam is **Van der Merwe**.
Muskiet, wees maar nie treurig nie,
wees ook nie so kieskeurig nie,
jy moet tog eendag sterwe.*



*Verwekker van malaria,
sing maar jou laaste aria -
nog een minuut van grasie.
Al soebat jy nou nog so lang,
al sê jy ook, ek is nie bang,
nooit sien jy weer jou nasie.*

*Hoe sedig sit hy, o, die ding!
Sy kinders kan maar kranse bring,
nou gaan die vabond sterwe.
Pardoef! Dis mis! Daar gaan hy weer!
Maar dood sal hy, sowaal, ek sweer -
my naam is **Van der Merwe!**
- AD Keet*

Maar gaan eers skooltoe, dan ervaar ons kinders se gespot geterg. Ek het gou geleer dat daar iets snaaks aan die Van der Merwe-van is, wat sommige kinders laat lag. Ek dink hulle het self nie regtig mooi geweet waarom nie, maar dis seker deur hul ouers oorgedra vanwee die baie dom-Koos Van der Merwe-grappies.

Ek het ook bewus geword van ander goed waaroer kinders gespot word, byvoorbeeld bakore, sproete, of skewe tande. Dit was altyd vir my so wrede en ek kon nie verstaan hoe kinders mekaar dit kon aandoen nie.

Soos kinders maar deur baie stadiums in hul lewe gaan, was ek vir 'n rukkie skaam oor my van, maar het vinning die saak vir myself uitgemaak en besluit dat ek 'n baie 'leliker' van kon gehad het. En hoe kon ek dan skaam wees vir 'n pa, ma, oupa en ouma vir wie ek so lief was en wie se van ek tog gedra het?

Oupa Cornelius Johannes van der Merwe en ek



Soos ek ouer geword het, het ek meer en meer besef dat hoe 'n van klink, gespel of uitgespreek word 'n storie vertel... 'n baie belangrike storie! Dit is vir ons almal relevant. Dit vertel waar ons vandaan kom, wie ons voorouers was en dus is elke mens in eie reg deel van 'n groter geskiedenis. Nie dat elkeen van ons se name noodwendig in een of ander geskiedenisboek opgeskryf is nie, tog is ons deel van die stukkies legkaart wat die prentjie uiteindelik voltooi, en wat dan wel deel van geskiedenis vorm op een of ander manier.

Vandag maak die Van der Merwe-van 'n groot deel uit van die navorsing waarmee ek besig is. Ek is baie trots op die van, Koos of nie Koos nie... en ek waardeer selfs 'n goeie van der Merwe-grap!




What every genealogist knows:

**It does not matter how slowly you go –
as long as you don't stop**

-Confucius





Geldsake en finansies

Hendrik Jacobus (Pottie) POTGIETER [ab7c9d4e1f4g1h12i1j1]

Graag wil ek julle bietjie vertel van die heimwee en herinneringe aan die lewenslesse wat ek deur my ervarings met geldsake en finansies geleer het.



Ek is gebore op 25 Jul 1957, was sewe jaar oud toe ek Gr1 begin het in 1964, en 13 toe ek in 1970 klaar is met laerskool. In 1971 het my hoërskooljare begin. Ek het 14 geword in Std6 en was 18 toe ek in 1975 matriek geslaag het.

In 1965 het ons Oos-Transvaal toe verhuis waar ek by Laerskool Kommando, Brakpan skool gegaan het vanaf die begin van Gr2.

Alhoewel ek nooit ooit in my lewe honger of koud gaan slaap het nie, was ons maar baie arm gewees en ek weet dat ek verseker nie 'n laerskoollangbroek gehad het nie. Wintersmaande was altyd 'n stryd met die koue. Ek het 'n helder kanariegeel trui gehad vir die winter en het uitgestaan soos 'n seer vinger tussen die ander kinders want die skool se kleure was donkerblou, geel en wit.

Een manier om die winterkoue te oorwin was om soggens ten minste 30-45 minute voor skooltyd al op die rugbyveld touch rugby te speel. Dit het gehelp om die bloedsomloop aan die gang te kry in die koue wintersoggende waar die ryp dik en spierwit op die dooie gras gelê het.

Ander winteroggende het ons voor skool eenvoudig rondgehardloop en gegly op die ryp op die rugbyveld. Ons het ook gereeld op platgemaakte stukke kartondose teen die grondwal langs die rugbyveld oor en oor afgegly en opgedraf – ook om warm te word. Daardie dae was die wal **baie** hoog vir 'n klein Gr1 of Gr2 seuntjie, maar toe ek nou die dag – baie jare jare later – daar aankom, sien ek hy staan skaars 2m hoog.



Ander goede herinnering was die gereelde koekverkopings op 'n Vrydag. Dan moes almal 'n geldjie saamvat skool toe sodat daar pouse iets gekoop kan word. Wat 'n verleiding was dit nie gewees nie, want daar was altyd 'n groot verskeidenheid


koeke, terte, roomys-cones gevul met gekookte kondensmelk en allerhande ander lekkernye. Ek en suster Elise kon altyd net één stukkie van wat ookal bekostig en dan het ons altyd verskillende goed gekies sodat ons kon deel en van albei darem kon proe. Op daardie manier van deel kon ons dan altyd twee verskillende lekkernye geniet het (wat 'n gelukkie was dit nie gewees nie).

St1-St5 (1966 tot 1970) was moeilike jare vir ons. Pa Henry het 'n rooi tipper Bedford vragmotor gehad en was 'n private vervoerkontrakteur. Hy het kontrakwerk gedoen om paaie en brue te bou. Op 'n stadium was Pa Henry in 'n vragmotorongeluk betrokke waar hy omgestamp is. Die vragmotor het teen sy agterbeen opgerig. Sy been was

gebreek en hy was maande lank – vir amper ’n jaar – van die werk af gewees. Nadat hy uit die Verre Oos Rand Hospitaal ontslaan is, het Ma Gerrie hom tuis verpleeg. Dit was arm jare. Pa het toe geen inkomste gehad nie. Ma Gerrie het selfs op ’n stadium leë koeldrankbottels uit die garage en buitegeboue verkoop vir ’n ekstra inkomste om die pot aan die kook te hou. Maar later, toe Pa klaar herstel het, het hy ander vervoerkontrakte gekry wat meer aangenaam was en meer geld ingebring het.

Pa Henry se werk het vereis dat hy by tye van die huis af weg was en ook dat ons baie rondgetrek het van die een huurhuis na die ander. Gedurende hierdie sewe jaar in die laerskool het ons ses verskillende woonadresse gehad in die Springs en Brakpan omgewing!

Oupa Hendrik en Ouma Pollie het nie 'n grassnyer gehad nie en een keer per maand moes ons die grassnyer in die kar laai om die gras op die plaas Modderfontein, distrik Sundra, te gaan sny. Ek was die oudste seunskleinkind en maar altyd bietjie bederf. My Oupa Hendrik het 'n algemene handelaarswinkel op die plaas bedryf, die Mandlebe Store. Dit beteken 'die man met die groot ore' in Zoeloe. Oupa het altyd van alles geweet wat op die plaas en in die onmiddelike omgewing van die buurplase gebeur het. Ek het urelank voorraad uitgepak en reggepak en ek het myself verbeeld dat ek 'n magtige sakeman was wat groot besigheidstransaksies doen. Min het ek geweet dat ek later jare maar net 'n gewone salaristrekker sou word.



Wie van julle kan onthou: die dae van die Skool Spaarklub waar almal elke maand twee en 'n half sent moes skool toe vat. Dit was die munstuk wat die drie-pennie tiekie vervang het toe ons desimaliseer. Die klub moes ons leer om te spaar.

Ek het eers baie jare later besef dat ek 'n ekonomiese reus was – met 85c (plus rente).

In St1, in 1966 na my 9de verjaarsdag, het ek genoeg geld gehad om 'n bees by my Oupa Hendrik te koop. Die ooreenkoms was dat Oupa die bees sal versorg en grootmaak en dat die bees gratis op die plaas mag wei. Ek het nog nooit weer in my lewe so 'n goeie transaksie beding nie, want 'n jaar later in 1967 met my 10de verjaarsdag het ons die bees verkoop vir 'n volle R7. Magtig, maar dit was darem maar lekker om so 'n stywe bankbalans te hê! En dit was maar net die begin van woeker met geld. Ek het onmiddelik weer twee beeste gekoop en teen die tyd wat ek in St3 was (1968, 11jr), het ek vyf beeste besit.

Perderesies was 'n baie groot sport en tydverdryf in daardie dae. Vir die Potgieter familie was dit éers so, want Oupa Hendrik was 'n resiesperdteler van formaat. Elke jaar met die Durban July perdewedren (die eerste naweek in Julie) was dit 'n hele gedoente. Oud en jonk het die geleenthed gehad om 'n paar sente of rande op die perde te verwed. Toe ek in St2 was (1967), het Oupa Hendrik en Pa Henry geld verwed op *Sea Cottage*, 'n perd wat daardie dag teen alle verwagtinge gewen het. Hulle het letterlik sakke vol geld gewen! Toe hulle by die huis aankom het hulle geld uit elke sak, van onder hulle hoede, uit kouse en skoene gehaal. Ek het 'n treinstel as geskenk gekry wat ek nou nog in perfekte toestand besit. Suster Elise het 'n massiewe groot teddiebeer vir haar slaapkamer gekry. Ons was oorweldig, want ons het nog nooit so baie geld bymekaar op die kombuistafel gesien nie. Na die baie arm jare van eenvoud was dit 'n groot verligting en ons één groot geleenthed in die lewe om vooruit te gaan. Daardie aand het ek met tranе van dankbaarheid in my oë aan die slap geraak, en ek het 'n belofte aan myself gemaak dat ek alles in my lewe sal doen om te verstaan hoe geld en finansies werk sodat ek ingeligte besluite in my lewe kan neem.



1970 se Kersfees was ek 13 en net klaar met Std5. Ek kry toe 'n nuwe dikwielfiets met 'n backpeddle-rem. Ek was só bly om 'n fiets te kry, maar ai. Dit het tog so vreeslik afgesteek teen die ander fietse by die skool. Die ander seuns se fietse was ook nuut, maar hulle was Choppers, resies en gewone fietse, met wit modderskerms... en my fiets was net swart.

My Hoëskooljare het begin by HTS Brakpan, Oos-Transvaal. Ek kan nog goed onthou hoe Pa Henry en Ma Gerrie moes spaar en begroot vir die nuwe skoolklere. Ek veronderstel dit moes hulle 'n aardige bedrag gekos het. Ewe skielik het ek 'n baadjie, trui, langbroek, langmouhemp, kortbroeke, korthemde, skoene en kouse gehad. Al my sportklere was ook aangekoop.

In 1973 was ek 16 en in Std8. Pa Henry is bevorder by Coca-Cola na Produksiebestuurder in Bloemfontein en ons moes Vrystaat toe trek. Ek en Sus het eers die skooljaar klaargemaak, en toe is ons Vrystaat toe. Ek het Std9 in 1974 by HTS Bloemfontein klaargemaak toe ek 17 was. In die middel van daardie jaar is Pa Henry weer bevorder, na Coca Cola se Algemene Bestuurder in Middelburg, Kaap. Ek het 'n keuse gehad. Ek kon uit die ouerhuis terug Brakpan toe en by vriende gaan bly, *OF* ek kon koshuis toe gaan in Port Elizabeth. Die keuse was maklik want Pa en Ma se vriende in Brakpan by wie ek sou loseer het 'n seun, Freddie, gehad en ons was groot pelle. So gesê so gedaan. Skielik is ek uit die huis, en moet ek uitkom met die maandelikse sakgeld. 'n Man is ook nie 'n klip nie... die jong meisies was darem so mooi en aanloklik, en 'n man het geld nodig as hy meisies wil trakteer.

Hier begin die geleenthede toe inmekaarpas. Tannie Miemie en Oom Willie Muller het twee drankwinkels in Brakpan besit. Gou-gou reël ek en Ferdie dat ons Vrydaemiddae en Saterdagoggende in die drankinkel sou werk vir ekstra sakgeld. Daardie dae was R10 vir Vrydagmiddae en R10 vir Saterdagoggende se werk 'n groot sakvol geld. Daardie tyd was ek net een van vyf seuns in matriek wat 'n nuwe resiesfiets gery het en skielik was die lewe maklik want my geldsake het beter begin lyk en kon ek begin spaar vir 1976 se naskoolse studies. Ons het steeds pligsgetrou elke Vrydagmiddag en Saterdagoggend gewerk. Ons salaris is nooit verhoog nie, maar die R20 per week het die lewe skielik maklik gemaak.

In matriek, by HTS Brakpan in 1975, het ek 18 geword. Ek het lekker gebly by Pa en Ma se vriende, en die feit dat ek nie by my ouerhuis was nie het my baie vinnig selfstandig gemaak. Ek en Freddie het letterlik, vir daardie dae, gerol in die geld. Ons kon kies en keur tussen die mooi en aanloklike jong meisies. En ek het aanhou spaar.



Matriek het gekom en gegaan en in 1976 het ek genoeg geld gespaar gehad om méér as die helfte by te dra vir die eerste nuwe kar wat ek in my lewe besit het. Dit was 'n 1975 Datsun 120Y (Gunston kleur), splinternuut uit die boks, vir R3,075. Ek het omtrent R2,000 bygedra en Pa Henry en Ma Gerrie die balans van R1,075. Vandag lyk dit vir my na sekerlik die lelikste kar in die wêreld, maar daardie tyd was dit 'n groot prestasie om self 'n nuwe kar te koop!



Ek het destyds besluit om vir Ons Storiewa my herinneringe in fases in te deel: Skooldae (1964-1975), Tersiëre opleidingsjare (1976 – 1980), die Begin-van-alles-jare (Werk, Huis, Kinders, Weermag 1980 – 1990), die vroeë middeljare (1990 – 2000), middeljare (2000 - 2010) en die laat middeljare (2010-2017). Wanneer ek nou terugkyk, dan was dit alles baie interessante tye in terme van my geldsake en finansies. Gedurende elke fase het ek die lesse toegepas wat ek vroeg geleer het: die beestekoop by Oupa, die getrou werk, die spaar en herbelye, en soms kanse vat (soos ons familie se wed op die perde).

Ek het tot dusver in my lewe die volgende gedoen en beleef:

- In die vroeë 1980s 'n stranderf by Stilbaai uit 'n bankrot boedel gekoop vir R7,000. My maandelikse erfbelasting was R5pm. Na 3jr het ek die erf verkoop vir R29,000. Ek was baie trots op my wins! Maar net 6 maande later het hulle olie by Mosselbaai ontdek, en daardie erf is toe vir R250,000 verkoop. So wen en verloor mens maar in die lewe.
- In die vroeë 1990s in 'n besigheidsvennootskap saam met my oom 'n SAWI algemene handelaarswinkel by Hoedspruit militêre basis gekoop. Ek was van die begin af baie meer oortuig dat ons die sewe kroeë en menasie by die basis moes koop, waar soldate kan drink en kuier. Ek is uitgestem want my oom was die meerderheidsaandeelhouer. Dit het ons net 3 jaar geneem om al sy geld en myne te verloor toe die besigheid bankrot verklaar is. Nou nog, as ons mekaar sien, dan lag ons maar daaroor en skryf dit af as 'n belangrike lewensles.
- Ek het al spekuleer met huise, motors en karavane, antieke meubels, grond en erwe, aandelebeurs en beleggings. Elkeen van hierdie geleenthede het sy eie goeie en slechte tye gehad. Ek het geld gemaak en geld verloor.

Vroeër jare het almal net geglo in goud, silwer en papiernote waaraan jy kon vat en vashou, maar nou lewe ons in die nuwe moderne Internet era van Cryptocurrency en Bitcoins, wat besig is om baie vinnig die wêreld oor te neem en dit is 'n wisselkoers wat jy nie kan vat en vashou nie.

Ek is nou 'n pensioenaris wat 41 jaar 0 maande en 9 dae as salaristrekker by net één maatskappy gewerk het, en nou afgetree het. Ek is so dankbaar vir die ongelooflike voorreg om te kon ervaar wat dit beteken om moeilike en makliker tye te kon deurmaak saam met my familie, vriende en kinders.



Nou kan ons uitspan... vir 'n rukkie.

Begin solank werk aan julle volgende storie vir 1 Oktober 2018